


Jaargang 4 Uitgawe 1

# ink

R10

Maandag 5 Maart 2018

INK is die silwerkategoriewenner in Basa se Nasionale Kunsjoernalistiek van die Jaar-toekennings vir 2016




**'Curse of the Starving Class': Sylvaine Strike oor Shepard se profesie** – bl. 18

**US 100: Coenie en bekende oudstudente sing Coetzenburg aan die brand** – bl. 6



# Dis mos nou feëstelik!

**Marina Pienaar speel die titelrol in Saterdagaand se uitvoering van Die feëkoningin. Dié opera is nog vanaand om 20:30 by Spier te sien.** FOTO: NARDUS ENGELBRECHT


ONTDEK 'n NUWE WêRELD
saam met die ATKV
BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV BOEKE-OASE

Ons omvangryke boekwinkel is terug met 'n fees van boeke vir oud en jonk. Ontmoet jou gunstelingskrywers en kuier saam in die middel van al die Woordfees-bedrywighede. Ons is van 2 tot 11 Maart in die binnehof agter die US Museum.

**WOW-voorleesslypskool**
*In samewerking met die Vriende van Afrikaans*
Kom sit om 'n tafel saam met Amanda de Stadler en Chareldine van der Merwe van die Vriende van Afrikaans om saam te gesels oor maklike, kreatiewe maniere om ons kinders so vroeg as moontlik vertroud te maak met die wonderlike wêreld van woorde en stories.
**8 Maart 14:30 - 17:00 | Laerskool Cloetesville | Gratis**

**VVA-leeskonferensie: Kom lees vir kleuters en peuters**
*In samewerking met die WOW-projek*
Maak jou kleuter gereed vir die wêreld van woorde. WOW, die VVA en die RSG-programspan van *Groeipyne* nooi kenners op die gebied van die voorskoolse kind om saam te besin oor die rol wat woorde en boeke voorskools kan speel.
**10 Maart 08:30 - 13:30 | Laerskool Eikestad | R50 per persoon**

'n Divisie van die ATKV
Vriende van Afrikaans

ATKV-BOEKTENT

VANDAG, 5 MAART, SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEKTENT:

| | |
|---|---|
| 09:00 | RAMAPHOSA: BEHIND THE ENIGMA – With Max du Preez, Ray Hartley, Koketso Sachana and Jeremy Thompson |
| 10:30 | ELSA JOUBERT: SPERTYD – Met Ena Jansen |
| 12:00 | FRANZ MARX: SPIEËLBEELD – In gesprek met Schalk Schoombie |
| 14:00 | IZAK DU PLESSIS: BOEREVERNEUKERS! – In gesprek met Martelize Brink |
| 15:30 | JONATHAN JANSEN: AS BY FIRE – In gesprek met Frans Rautenbach |
| 17:00 | MARION ERSKINE: VLERKE VIR ALMAL – Met Vicky Davis |
| 19:15 | BOEKKLUB: MY LAASTE GESPREK MET KAREL SCHOEMAN – Met Willem Landman in gesprek met Frederik de Jager en Antoinette Kellermann |

Word vandag 'n lid van die ATKV deur "ATKV" na 44733* te sms.
*Standaardtariewe geld.

@ATKVSA ATKVSA www.atkv.org.za ATKV

## #Joernalistiek4.0




**PANEELLEDE GESELS TESAME. Ter viering van die 40ste verjaardag van die Universiteit Stellenbosch se joernalistiekdepartement is 'n paneelbespreking oor die stand van joernalistiek Vrydagmiddag in die ATKV-Boektent gehou. Van links is George Claassen, Chantel Erfort, Tim du Plessis, Jo-Ann Floris, Marenet Jordaan, Esmaré Weideman, Mpumelelo Mkhabela en Lizette Rabe. Die boek #Journalism/Joernalistiek 4.0 is by dieselfde geleentheid bekend gestel.** FOTO: VERSKAF

# Boek vier 40 j. in Crozierstraat

**#Journalism/Joernalistiek 4.0 @Stellenbosch – Departement Joernalistiek se Veertig Jaar. Saamgestel deur Lizette Rabe, Sun Press, R250.**

Een hele leeftyd… dít is hoe lank die departement van joernalistiek al studente oplei in 'n beroep wat allerweë beskou word as een van die hoekstene van die demokrasie. In die groter universiteitsprentjie lyk dit dalk na 'n kleinerige stuk in die legkaart: In 40 jaar was daar immers net drie hoofde van die departement, enkele ander dosente (sommige van hulle instellings… by wie spook die tik-en-snelskrifdosent, Leona Amoraal, nié?), digby 'n dosyn leermeesters uit die praktyk, beter bekend as die Rykie van Reenen-genote, en skaars 'n duisend studente wat blinkoog by Crozierstraat se sjarmantste huis ingestap en (meestal, darem) as afgeronde joernaliste daar uitgestap het, gereed om die wêreld te verander en 'n beter plek te maak. Juis daarin lê die departement se enorme bydrae.

Vir dié resensent was daardie honneursjaar – in 1993, prof. Johannes Grosskopf se laaste groep – 'n lewensredder, want ná twee jaar in 'n hoërskoolklaskamer was dit duidelik dis nie waar ek die res van my lewe wou slyt nie. Daardie see van leë st. 6-oë met géén belangstelling in hul moedertaal nie sou waarskynlik uitloop op 'n doodloopstraat, dalk selfs moord en doodslag.

Daarom was die nuus van 'n boek wat die 40-jarige bestaan van die departement vier, 'n blye tyding. Wie het waar geëindig? Wie het watter verskil waar gemaak? Waar in die wêreld is Danie Williams, die departement se sagmoedige assistent? Malcolm Fried, ons Engels-dosent wat byna weekliks met 'n sardoniese glimlag sy boodskap ingehamer het: "Never forget to hate the subs…" (Ironies genoeg is redigeringswerk vandag my brood en botter.)

Daarom slaan 'n mens die boek met groot afwagting oop. Maar helaas is dit 'n effense teleurstelling wanneer jy jou vasloop in wat voel na 'n akademiese verhandeling. Dit wemel van verwysings, voetnotas, vanne sonder name en ritse vakafkortings soos JMC en E&T (ook JMC E&T), SDGs en AEJMC. Sommer in die eerste hoofstuk al (waar van die bladsye tot halfpad vol voetnotas loop) maak jy met 'n effense verbystering kennis met paragrawe soos dié: "In 2001 Claassen explored a model for the training of journalism students,[22] and in 2004 Berger gave an overview of journalism E&T in South Africa from 1994 to 2004.[23] […] In 2005, Rabe focused on 'Afro-humanist' elements in South African journalism education[24] and Wasserman looked at journalism education as transformative praxis.[25] In 2006 Steenveld emphasised the matter of context with regard to journalism education.[26] Other studies include Botha and De Beer's 2007 study on South African universities,[27] and De Beer, Mukela and Banda's paper in the same year on African institutions.[28] Also in 2007, Berger and Matras published a major study on South African and African journalism schools, funded by UNESCO.[29] In 2008 Thloloe again focused on the afro-humanism challenges for journalism education.[30] Du Toit also looked specifically at university-based journalism education in her 2009 paper,[31] and Prinsloo analysed the 'shifts and dilemmas' in journalism education in South Africa.[32]" Ja, liewe leser, nie minder nie as 11 voetnotas.

En hier sit 'n mens reikhalsend en wag op die storie… en die storie ágter die storie, soos Prof Gross ons so mooi geleer het in 1993.

Druk net deur, want as jy eers verby die akademiaans geworstel het (wat plek-plek darem interessante brokkies oplewer, soos dat dr. Ebbe Dommisse, oud-redakteur van *Die Burger*, 'n deurslaggewende rol gespeel het in die totstandkoming van die departement, en dat prof. Piet Cillié, die uiteindelike stigter in 1978, orrelis was in Bloubergstrand!) kom jy uit by die bydraes van Rykie-genote en oudstudente, en dit is hier waar die boek se krag lê.




**LEES SELF**
**Die boek is tydens die US Woordfees beskikbaar by die Boeklapa. Oustudente kan dit ook bestel by Elizabeth Newman (lnewman@sun.ac.za) en laat versend, of dit by Crozierstraat 26 afhaal.**

Onder die stukke wat uitstaan, is dié van die oudjoernalis en akademikus prof. Herman Wasserman. Kyk net hoe begin hy sy stuk:

"It would probably have been beyond the capabilities of even the most visionary of students in the first class of aspiring journalists in Crozier Street forty years ago to imagine what journalism would look like today. If you told them then, while they were hammering away on their typewriters or lugging around heavy cassette recorders and microphones, that in forty years' time their counterparts would walk around with devices in their pockets that could instantaneously record sound, take pictures and send messages around the world, that serious news reports would appear, side-by-side with videos of kittens, on a television screen the size of a cigarette box (remember those?), or that journalists would deliver updates directly from Parliament in dispatches of 140 characters or less, they would probably have thought that you had spent too much time in De Akker instead of practising your shorthand."

En dan sluit hy sy kort en kragtige bydrae af met een van die belangrikste vrae in die joernalistiek vandag: "What is journalism *for*?"

Die boek bevat ook uitstekende bydraes deur 'n handjie vol – heel toevallig – "eerstes": Bun Booyens, die eerste Rykie-genoot wat later die *Weg*-suksesverhaal van stapel laat loop het en ook redakteur was van *Die Burger*; Jacolette Kloppers, eerste vroulike Rykie-genoot wat self al 'n draai in die akademie gaan maak het, maar deesdae weer by *Landbouweekblad* redakteur is van spesiale projekte (en ook redakteur van INK); Tim du Plessis, wat in die heel eerste klas van 1978 was; en Mohamed Shaikh, die eerste swart student wat die kursus gevolg het (en ongelukkig nie meer aktief in die joernalistiek is nie). Ook Marita van der Vyver se stuk laat 'n mens lag en verlang.

Hoekom dié bydraes uitsonder? Hulle almal getuig van 'n diepe dankbaarheid teenoor die departement en wat 'n mens daar geleer het, en almal bevat boonop broodnodige bestanddele soos humor (ja, ook selfspot – gaan lees maar op bl. 63 van die dag toe Booyens 'n tikfout gemaak het met die woord "hulle"…) en nostalgie. En jy lees meestal kort, bondige, *duidelike* sinne.

Daar's ongelukkig ook dié wat net nie van hul seepkis kan afklim nie: daar's die rassismeseepkis, die wetenskapseepkis, (natuurlik) die digitale seepkis (waar syfers alte kwistig rondgegooi word), en inderdaad ook die akademiese seepkis.

En ongelukkig is daar diegene wat duidelik nie mooi geluister het in die klas nie: Die ouens wat hopeloos te lang sinne skryf, wat vergeet daar kom nié 'n komma tussen 'n werkwoord en die infinitiefvorm nie, wat nie gaan kyk het hoe spel jy Chev (die kar) nie…

'n Ander hebbelikheid regdeur die boek is afkortings wat sonder punte geskryf word. In Engels is dit natuurlik korrek, maar in Afrikaans is 'n punt ná 'n afkorting nié opsioneel nie.

En dan, ongelukkig, is daar ook 'n handjie vol bydraers wat net te ingenome is met hulleself en hul eie prestasies.

Teen die einde van die boek is daar foto's van elke jaargroep, en dit is lekker om weer die ou gesigte te sien, te kyk wie in watter jaar saam in die klas was. Tog sou 'n mens hier meer wou sien: Dalk 'n kort sin oor waar in die wêreld elkeen hom of haar bevind, nuus oor studente en dosente wat oorlede is.

Maar dit is 'n welkome boek, en 'n mens kan prof. Rabe gelukwens met 'n stewige aanbieding. Mag ons oor tien jaar, wanneer die departement se halwe eeu gevier word, meer ménse en stories – en ja, die stories agter die stories – sien. Want dit is wat 'n herdenkingsboek soos hierdie laat léwe.

**– Peter van Noord**

**"Daarom was die nuus van 'n boek wat die 40-jarige bestaan van die departement vier, 'n blye tyding.**

**"Maar dis 'n welkome boek, en 'n mens kan prof. Rabe gelukwens met 'n stewige aanbieding.**

#Joernalistiek4.0

# Om die koring van die kaf te skei

**#Joernalistiek4.0 – Tussen demokrasie en disaster. Skrywersfees. ATKV-Boektent. 2 Maart om 15:30.**

Suid-Afrika se joernalistiek staan sterk – daarvan getuig die vierde stand se bydrae om die Zuma-bewind se bykans rampspoedige aanslae op ons demokrasie af te weer.

Dít was Vrydag die bestekopname van die joernalis Tim du Plessis toe glasies geklink en vorentoe gekyk is by die 40ste herdenking van die universiteit se departement joernalistiek. 'n Gedenkboek is by dieselfde geleentheid bekend gestel.

Du Plessis sal weet – hy was een van wyle prof. Piet Cillie se oerklas van 1978 aan 'n departement wat sedertdien meer as 'n duisend joernaliste die wêreld ingestuur het om 'n verskil te gaan maak.

Van die groot name op wie die departement trots is, het opgedaag vir die feesviering – Ton Vosloo, ereprofessor; Esmaré Weideman wat as die hoof van Media24 reeds sedert 1984 die rekord hou vir die hoogste punt in wat darem genadiglik 'n snelveranderende kursus is, en Mpumelelo Mkhabela wat *Sowetan* en die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum so knap gelei het.

En immer teenwoordig in haar afwesigheid, een van dié op wie die departement die trotsste is – wyle Mandy Rossouw, wat, uit Stellenbosch gestewel en gespoor, die vergrype van Nkandla die eerste keer oopgevlek het omdat sy nuuskierig was en geweet het hoe om 'n belangrike storie só goed te vertel dat die relevansie vir sowel die unieke leser as die samelewing sou blyk.

Du Plessis het juis in 'n paneelbespreking oor die toekoms van die snelveranderende joernalistiekberoep onder leiding van die huidige departementshoof, prof. Lizette Rabe, gesê deur die onlangse taai Zuma-tye het die howe, die media en die burgerlike samelewing die verskil gemaak.

"Ons beroep het iets goeds gedoen. Deur die verspreiding van betroubare, geverifieerde inligting was ons bestand teen fopnuus. Ons voel almal nou 'n bietjie beter. Nou moet ons waaksaam bly."

Marenet Jordaan, tans dosent in die departement en lid van die 2001-honneursklas, het benadruk die rol van die tegnologie kan nooit die basiese vaardighede daarvan vervang om inligting te verkry en dit reg aan te bied nie. In 'n tyd van kommer oor die toepaslikheid van sakemodelle het sy gewaarsku teen pessimisme, en die belang van *common sense* uitgelig.

Chantel Erfort, hoofredakteur van die Independent-groep se Kaapse gemeenskapskoerante, het uitgewys hoe belangrik die gebrekkige vroeë dekking van die huidige Kaapse waterkrisis getoon het dat spesialisverslaggewing (in hierdie geval oor omgewingskwessies) bewaar en uitgebou moet word.

Hierby het prof. George Claassen, voormalige departementshoof, aangesluit deur uit te wys hoeveel beter die Kaap voorbereid kon wees as ag geslaan is op die puik waarskuwende omgewingsverslaggewing van Jorisna Bonthuys in *Die Burger* oor die presiese kwessie.

Die joernalis en voormalige Rykie van Reenen-genoot Jo-Ann Floris het oor die soms afwysende leserskommentaar op nuuswebwerwe gepraat en gepleit om die voortbestaan van mense se reg om kommentaar te lewer – hoewel sy wens dit was soms net 'n bietjie meer deurdag.

Mkhabela het op sy gewone trefseker manier by die kern van die saak uitgekom, en ses bedreigings vir die joernalistiek geïdentifiseer: joernaliste self deur hul gedrag en die gehalte van hul skryfwerk, mediaeienaars deur hul najaag van wins, mediagebruikers, adverteerders, die regering, en die voorskriftelike hekwagterskap van groot rolspelers in sosiale media.

Toe hy gevra is wat die grootste tekortkoming van jong toetreders tot die joernalistiek is, het hy 'n gebrek aan historiese bewussyn en die gevolglike ignorering van konteks uitgelig.

Weideman het gesê goeie joernalistiek sal die medium waardeur dit oorgedra word, waarskynlik oorleef. Op die vraag hoe lank koerante gaan oorleef, het sy gesê die antwoord is onseker – Sondagkoerante staan nou weer sterker as 'n ruk gelede, en gemeenskapskoerante floreer.

Die grootste uitdaging vir digitale nuusplatforms bly die generering van advertensie-inkomste, maar – en hier het sy vanjaar se Matie-joernalistiekklas diep in die oog gekyk – die belangrikste uitdaging in die joernalistiek bly om die kaf van die koring te skei – die *bullshit detectors* wat maak dat joernaliste kan sien hier word twak gepraat of feite verswyg, sodat die vierde stand sy rol kan speel as hawemuur tussen die demokrasie en rampspoed. **– Jan-Jan Joubert** (Jan-Jan het in 1996 sy honneursgraad aan die departement verwerf.)









**1) Prof. Lizette Rabe en die skrywer Marita van der Vyver (uit die klas van 1979).**
**2) Proff. George Claassen, vorige departementshoof, en Arrie de Beer, buitengewone professor aan die departement.**
**3) Ton Vosloo, ereprofessor, in gesprek met Tim du Plessis, hoof van aktualiteit by kykNET (en uit die klas van 1978). By hulle is De Beer.**
**4) Leona Amoraal, 'n lewende legende by die departement wat ook die tik- en snelskrifklasse aangebied het, Danie Williams, wat dekades lank by die departement gewerk het, en sy dogter Lijuan Williams-Daniels (sy werk ook deesdae daar).**

FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

100 jaar

# US wys feesgees in volkleurboek

Die amptelike bekendstelling van die Universiteit Stellenbosch (US) se eeufeespublikasie, *Universiteit Stellenbosch 100: 1918-2018*, was op Donderdag 1 Maart, asook die amptelike opening van die eeufees-uitstalling in die universiteitsargief op die Stellenbosch-kampus.

Prof. Hester Klopper, viserektor van strategie en internasionalisering, het die gaste verwelkom en erkenning gegee aan almal wat tot die projek bygedra het. Volgens haar het die universiteit besluit om nie oorboord te gaan met een groot feesgebeurtenis nie, maar om bestaande geleenthede op die jaar-program te gebruik om die eeufees te vier. 'n Eeufeesgeur sal dus reg deur die jaar oral te bespeur wees.

Prof. Wim de Villiers, die US se rektor en visekanselier, is die 12de persoon wat die universiteit lei, en op die bekendstelling van die eeufeesboek het hy besin oor die mylpaal waaraan hierdie herdenking gestalte gee én oor die harde werk van diegene wat die grondstof opgelewer het waaruit die




inhoud van die boek en uitstalling saamgestel is.

"Ons is dankbaar oor die harde werk en opofferings van soveel mense oor dekades heen. Dít is wat die US in hierdie posisie gestel het – as 'n toonaangewende hoër-onderwysinstelling waarvan die akademiese uitnemendheid hoog aangeslaan word, en wat vasbeslote daarna streef om die gemeenskap in die geheel tot diens te wees. Die eeufeesuitstalling en ons eeufeesboek getuig van die toe wyding van 100 jaar."

Saam met die boekbekendstelling is 'n uitstalling oor die universiteit se geskiedenis ook by die US-argief geopen. Die fotomateriaal waaruit die muur-collages opgebou is, dek die era van 1918 tot 2018.

"Die US-argief se eeufeesuitstalling gedenk die mense, geboue, gebeure en groei in opvoeding op Stellenbosch wat uiteindelik die universiteit wat ons vandag het, laat vorm aanneem het," het De Villiers gesê.

Die redakteurs van *Universiteit Stellenbosch 100: 1918-2018* is prof. Albert Grundling (deel 1) en Hans Oosthuizen (deel 2). Die rektor het op die geleentheid spesiaal aan elkeen 'n boek oorhandig, sowel as aan die voormalige rektore proff. Andreas van Wyk en Chris Brink.

In deel 1, "100 Jaar in perspektief", deel sewe skrywers hul perspektief oor die US se geskiedenis, onder meer die universiteit se totstandkoming, die US se politieke en finansiële geskiedenis, en wat dit beteken om 'n Matie te wees wat akademie, sport en studentelewe betref.

Deel 2 van die boek besin oor die akademiese werksaamhede van 'n eeu, gesien vanuit die perspektief van die US se tien fakulteite. Die skrywers kom uit verskeie sektore van die akademiese gemeenskap en bied 'n oorsig van die pad wat die universiteit geloop het, en hoe Stellenbosch van 'n dorpie ontwikkel het tot 'n kosmopolitiese gemeenskap van meer as 30 000 studente en 3 000 personeellede.

Die eeufeesboek is in twee uitgawes beskikbaar: 'n standaard-hardebanduitgawe, en 'n besonderse versamelaarsuitgawe wat in leer gebind word en deur die US-rektor onderteken is en waarin die ontvanger se naam kalligrafies ingeskryf word. Van laasgenoemde sal net 100 eksemplare elk in Engels en Afrikaans gedruk word.

Die boek is reeds teen R750 in Afrikaans beskikbaar, en beslaan 536 volkleurbladsye. Die Engelse uitgawe word binnekort gedruk en sal van 16 April af verkrygbaar wees.

* Vir meer inligting oor die boek of om 'n eksemplaar te bestel, stuur 'n e-pos na ccerasmus@sun.ac.za.

# Hoe lyk Maties as jy vandag terugkyk?

**Albert Grundlingh: 'n Eeu in Perspektief. Skrywersfees. J.S. Gericke-seminaarkamer. Vrydag 2 Maart om 12:00.**

Prof. Albert Grundlingh het die heeltyd die Stellenbosse taalstyd so mooi probeer vermy, maar die taalstryd wou hom nie vermy nie – dit het sy prikkelende lesing agtervolg soos die skadu van 'n groot draak.

Met die heel eerste vraag uit die gehoor wat die seminaarkamer volgepak het, het die eindelose vraag kop uitgesteek: Wat dan van ons weldoener, Jan Marais, sy goue ponde en "geen mindere plek", Prof?

Net vir 'n oomblik het die gemoedelike, deurdagte en op kurkdroë manier skreeusnaakse hoof van die universiteit se geskiedenisdepartement gelyk of hy wens hy was elders.

Toe antwoord hy: "Taal is vervleg met die tradisionele identiteit van die universiteit. Daarteenoor moet relevansie gestel word. Dit is deel van die diskoers van regstellende aksie en ras. By Stellenbosch was Afrikaans suksesvol dekoloniserend," het Grundlingh hom verwoord.

In 'n sterk aanduiding dat hy dwarsdeur die vraag sien, het hy lakonies opgemerk dat een van die groot uitdagings daarvan om 'n eeufeesgedenkboek oor Maties te skryf juis is dat daar op en oor Stellenbosch soveel mense is wat meen dat hulle eintlik klaar die antwoord weet.

Grundlingh is redakteur van die prestige-eeufeespublikasie *Universiteit Stellenbosch 100: 1918-2018*, waarvan die titel selfverduidelikend en die omvang 536 bladsye in twee dele is. Dit sou voldoen aan die professor se skalkse opmerking dat sulke publikasies soms openbare persepsies en substantiele advertensie wil vorm – en dat dit 'n geval is van hoe groter die boek, hoe meer die meriete van die instelling!

Grappies op 'n stokkie – hierdie is duidelik 'n deurdagte poging om temasties gedrewe die universiteit binne die wyer historiese konteks te plaas. Anders as met die halfeeupublikasie is die rol van die universiteit in apartheid aan die bod, asook die rol van Stellenbosch se relatiewe welvaart in die vorming en huidige uitbou van die instelling.

Daar was ook 'n grootliks vergeefse soeke in die argiewe na vormende Matie-vrouerolspelers, hoewel daardie formidabele oudburgemeester en pleitbesorger vir die maatskaplike welstand van die bruin gemeenskap, prof. Erika Theron, tereg in Grundlingh se woorde instaan vir vyf mans.

Grundlingh se lesing het slegs een van die boek se temas hanteer, naamlik die samehang tussen Stellenbosch en die Afrikanernasionalisme waartoe die universiteit vyf premiers en by tye 'n volstrekte meerderheid kabinetslede bygedra het.

Hy het aangetoon hoe die ideaal van trots op uitnemende selfgeldendheid die aanvanklike klein universiteitsgemeenskap aangedryf het, en hoe dit in die tyd van die rasegte aartsnasionalis H.B. Thom sowel tot hoogbloei as selfbevraagtekening gekom het namate die jong Afrikanerleiers teen die einde van die 1960's besluit het daar wag nie 'n vyand of bedreiging agter elke bossie nie.

Wat was die katalisator vir die veranderende Stellenbosch? Sekerlik velerlei, maar Grundlingh toon groeiende Afrikanerwelvaart aan as grootste aandrywer vir Maties om wyer te kyk en meer te word as die aanvanklik gestigte volksuniversiteit.

**– Jan-Jan Joubert**




# How does SnapScan work?


Grow your business by accepting quick, easy mobile payments




When you sign up, you'll receive a SnapCode linked to your bank account.




Your customers will need to download the SnapScan app, free of charge, and link their bank card.




That's it! Customers can pay you by simply scanning your code.

## Why should I use SnapScan?

### CONVENIENT

Your customers get a fast, easy payment option – wherever they are!

### AFFORDABLE

A small setup fee. No monthly fees. 3% (ex VAT) per transaction.

### EASY SIGN UP

Complete our simple sign-up process online. We'll get you set up in no time!

# Sign up today!

getsnapscan.co.za or hello@snapscan.co.za

Works with VISA MasterCard

Powered by Standard Bank

**Authorised financial services and registered credit provider (NCRCP15).**
The Standard Bank of South Africa Limited (Reg. No. 1962/000738/06). SBSA GMS-1613 02/18

## 100 jaar

**Die Eeufeeskonsert het Vrydag die begin van die US se vieringe ingelui. Saam met die US-koor en Eeufeesorkes was bekende oudstudente en personeel te sien. Wessel Pretorius was die seremoniemeester.**



**Arno Carstens, Laurika Rauch en Valiant Swart sing 'n kombinasie van "Stuur groete aan Mannetjies Roux en "Nkosi Sikelel' iAfrika".** FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT



**Valiant tokkel die kitaar én die hartsnare met "Sonvanger".**



**Laurika, Melissa van der Spuy en Janine Neethling.**



**'n Mens hóór vir Coenie de Villiers terwyl hy "Hier by my" sing.**



**Die US-koor, soos altyd 'n wenkoor.**

# Hoe lekker kielie 8 klaviere die gehoor se lagkliere

**8 Klaviere. Sanlam Musiekfees. Paul Roos-sentrum. 3 Maart om 20:00.**

Die klokkie lui. Die angstige kandidaat stap die eksamenlokaal binne en neem stelling in voor die klavier. "Speel vir my C-kruis majeur in die teenoorgestelde rigting, chromaties," versoek Die Professor uit Pretoria met 'n hoogdrawende stemtoon.

Diegene wat een of ander tyd in hul lewe klavierlesse geneem het, sal aanklank vind by die "eerstes" wat in hierdie uitvoering gedramatiseer word – die eerste klavierles, eerste Unisa-klaviereksamen, eerste duet, eerste begeleiding en eerste professionele vertoning.

Elkeen van dié "eerstes" gaan hand aan hand met 'n spesifieke keurspel, uitgevoer op nie minder nie as agt vleuelklaviere. Bekende musici soos Elna van der Merwe, Zorada Temmingh en Tertia Visser-Downie is voltyds voor die klavier terwyl die manlike deelnemers – Roelof Colyn, Winand Grundling, Lucas Heinen, Cezarre Strydom en Stephan Bezuidenhout – tussen die note deur hul lyf akteur hou.

Die konsert begin met die *Boléro* van Ravel wat vinnig ontspoor en deur die Juffrou Rottenmaaieragtige klavieronderwyseres, geklee in 'n pienk truitjie en gewapen met 'n kruk, tot orde geroep moet word.

Die eerste musiekles word aangebied met dié tipiese tonele – boetie het nie geoefen nie, "jou postuur is nie reg nie", "kom ons probeer weer", en dan word boetie met die kruk uitgejaag. Die daaropvolgende keurspel is 'n omvattende repertoire uit animasieflieks – met onder meer "A Whole New World" uit *Aladdin*, "Circle of Life" (*The Lion King*), "Under the Sea" (*The Little Mermaid*) tot die meer onlangse "Let it Go" uit *Frozen*.

Dan breek die eerste Unisa-klaviereksamen aan. Die hart klop presto. Toonlere, bladlees, die vier stukke waaraan die hele jaar geoefen is – sorgvuldig gekies uit lys A (Barok), B (Klassiek), C (Romanties) en D (Kontemporêr – "altyd deur die een of ander obskure Suid-Afrikaanse komponis geskep"). Die verwante keurspel het bestaan uit netjies aanmekaargeweefde mate uit bekende werke van die klassieke komponiste – Bach, Mozart, Verdi, Beethoven, Chopin ensomeer. Op 'n skerm is bladmusiek met vermaaklike kantaantekeninge geprojekteer.

'n Afrikaanse A tot Z sorg vir verdere verskeidenheid. Elkeen van die liedjietitels begin met 'n letter van die alfabet – van "Al lê die berge nog so blou" en "Bicycle sonder slot" tot by "Tussen treine" en "Waterblommetjies".

Die pianis se eerste begeleiding is vir 'n verlangse familielid wat "I Dreamed a Dream" uit *Les Misérables* by 'n begrafnis moet of wil sing. Wat volg, is 'n allervreeslike onwelluidende mengsel van wanklanke. Sy eerste professionele vertoning as deel van 'n Abba-huldigingsorkes vind plaas in Kimberley se stadsaal. 'n Abba-keurspel volg. Die eerste les as klavieronderwyser is 'n liefdestaak, 'n gesukkel met beginners en moeilike mammas. Die laaste keurspel bestaan uit bekende musiek uit rolprente.

Vir die toneelspel sal die "akteurs" nie Oscars wen nie, maar die groot gehoor is getrakteer met prettige vermaak vir 'n Saterdagaand en bekende musiek wat by die breë publiek aanklank vind.

**– Johan van Tiddens**

KINGJAMES 42854/A

ELKE WOORD IS 'N

MEESTER-
STUK.

Lirieke.
Dis meer as ritmiese rympies.
Dis woorde,
metafore,
kore.
Geskaaf en geskuur.

Gevorm en hervorm
soos kleuterskoolklei.
Tot servetskribbels na pennevrug lei.
Gedistilleer.
Filtreer.
Masseer.
Tot laatnag.
Tot die son opkom.
Tot ons saamsing.
Almal saamsing.

Elke woord is 'n meesterstuk.

Sanlam bied met trots die 2018 Musiekfees
by die US Woordfees aan. 2-11 Maart.

Sanlam
Welvaartmeesters
100 jaar

Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

## Musiek

# Gehoor hang aan soldaat se lippe

**Die soldaat se storie. Klassieke Musiek. Fismersaal. Vandag om 20:30.**

Die kombinasie van klavier, viool en klarinet het Sondag 4 Maart vir die gehoor in die Fismersaal 'n interessante klankwêreld ontsluit. Drie jong musici, Visser Liebenberg (klarinet), Misha Melck (klavier) en Ané van Staden (viool), was op die verhoog om drie uitdagende werke te speel.

Die hoofgereg vir hierdie konsert was Strawinski se "L'Histoire du Soldat", oftewel "Die soldaat se verhaal". Maar voordat dit sou begin, is twee trio's, deur Khachaturian en Bartók, gespeel. Heelwat indrukke van volksmusiek is in dié werke te bespeur, maar telkens ontpop dit in iets uiters virtuoos.

Goeie balans tussen die instrumente is heeltyd gehandhaaf, terwyl geen sololyn ooit die ander musici oordonder het nie. Tussen die drie spelers was daar 'n goeie effek van musikale gee-en-neem.

In albei werke is dit asof klarinet en viool met mekaar gesels, met die klavier wat hulle deurgaans stuur. Van Staden en Liebenberg het hierdie gesprek aanmekaargehou met 'n kombinasie van lang, vloeiende musikale lyne en, in kontras daarmee, virtuose vertoon van tegniek wat steeds uitdrukkingsvol was.

Melck het 'n stewige bydrae tot hierdie musikale gesprek gemaak, sodat die drie spelers oorgekom het asof hulle goed op mekaar ingestel was.

Die Strawinski-hoofgereg is laaste voorgesit. Hiervoor het Niël Rademan die musici bygestaan as die verteller van die soldaat se verhaal (in Afrikaans). Hy was 'n innemende en animerende verteller – 'n mens kon sien hoe die gehoor aan sy lippe hang om die lot van die soldaat te hoor.

Soos die programboek verduidelik, is die instrumentaliste in hierdie werk die karakters van die verhaal. En soos die goeie musikale gesprek in die voorafgaande werke, het die drie musici in hierdie stuk ook hul staal gewys.

Die uiteinde was 'n pittige, meesleurende en heel genotvolle musikale verhaal. **– Wayne Muller**



**Ek voel jou...**

**Die meestervertolker Karin Hougaard voer Saterdagaand die gehoor mee in haar vertoning Grepe in die Drostdy-teater. Jaconell Mouton het haar begelei. Sy gesels vandag om 14:00 in dieselfde teater met Ingrid Glorie oor Tant Anna en die 25 Shakespeare-sonnette.**
FOTO: NATALIE GABRIELS



**Bennie van Eeden**
FOTO: ANTONIA STEYN

# Bennie vereer vir bydrae tot musiek aan US

**Trio Classique. Klassieke Musiek. Fismer. 8 Maart om 18:00.**

Die Stellenbosse klavierpedagoog Bennie van Eeden is op Saterdag 3 Maart in 'n konsert op die US Woordfees vereer. Boonop tree hy op Donderdag 8 Maart in 'n kamermusiekkonsert getitel *Trio Classique* op.

Van Eeden vier vanjaar sy 30ste jaar as klavierdosent aan die US se Konservatorium. Hy het ook sy studie aan die US voltooi, waar hy aanvanklik 'n onderwysdiploma en die grade BMus en BMus (Hons.) verwerf het.

Onder sy leermeesters tel Betsie Cluver, Lamar Crowson, Laura Searle en John Antoniadis, onder wie hy later sy meestersgraad in klavieruitvoering voltooi het.

As student het hy vele musiekpryse en toekennings ontvang en ook aan heelwat kompetisies, plaaslik én oorsee, deelgeneem.

Van Eeden het sy loopbaan as pedagoog by die Wellingtonse Onderwysopleidingskollege begin, waarna hy Cluver in 1988 as klavierdosent aan die US opgevolg het. In die konsert *US Camerata eer Bennie van Eeden* het hy en dié orkes werke van Mozart, onder meer die Concerto vir Twee Klaviere (KV365) saam met sy oud-student Lourens Fick uitgevoer. Ook Mozart se Simfonie nr. 29 (KV201) is gespeel.

Van Eeden is egter nie net as klaviersolis bekend nie, maar is 'n veelsydige pianis wat veral in kamermusiekuitvoerings en as begeleier optree.

Saam met die ensembles Collage en Taffanel het hy trio's van die Suid-Afrikaanse komponiste Hendrik Hofmeyr en Alexander Johnson gedebuteer. Onder die plaaslike sangers wat hy al in konserte begelei het, tel vermaarde kunstenaars soos Marita Napier, Nellie du Toit, Aviva Pelham, Sabina Mossolow en André Howard.

Die ensemble Trio Classique is in 2016 gestig met Van Eeden, Annemarie Bam (klarinet) en Karin Gaertner (altviool).

Vir hul Woordfeeskonsert speel die trio onder meer Bruch se Agt Stukke vir Klarinet, Altviool en Klavier, asook Mozart se Kegelstatt Trio.

Van Eeden is 'n stigterslid van die Hennie Joubert- nasionale klavierkompetisie, wat volgende week van 12 tot 15 Maart beslis word, en hy is ook 'n gereelde fakulteitslid van die Stellenbosse Internasionale Kamermusiekfees wat in Julie gehou word. **– Wayne Muller**



# Opera

Saterdag was die eerste vertoning van *Die feëkoningin* by Spier op die planke, die eerste koproduksie van Kaapstad Opera en die Universiteit Stellenbosch. **Nardus Engelbrecht** was daar om die foto's agter die skerms te neem.






**BO: Die grimeerkunstenaar neem David Viviers onder hande om hom te verander in Piscator, die patriarg van die dramastudente. REGS: Oliver Druce ondergaan 'n gedaanteverwisseling van 'n Stellenbosse sang-student na die Dronk Digter. Blaai om vir 'n resensie van die opera en 'n onderhoud met Alan Swerdlow.**



**'n Laaste hersiening van die partituur.**



**Wie sit met die hande in die hare?**



**Van professor tot ploert – Petrus du Preez in die stoel.**

**THE 15TH STELLENBOSCH INTERNATIONAL CHAMBER MUSIC FESTIVAL**

*Where world-class performance and first world music education enable and uplift*

**6–15 JULY 2018**

15th
STELLENBOSCH | INTERNATIONAL
Chamber Music
FESTIVAL

The innovative evening concert programmes featuring Baroque, Classical, Romantic and contemporary music will take place every evening at 20:00 in the Endler Hall. Tickets available from Computicket will go on sale on 1 May. Book early to avoid disappointment.

ARTISTS INCLUDE

**CONDUCTORS:** Joost Smeets & Xandi van Dijk (also playing the viola) | **VIOLIN:** Siwoo Kim, Alissa Margulis, Nicholas Dautricourt, Boris Brovtsyn, Suzanne Martens | **VIOLA:** Juan Miguel Hernandez, Gareth Lubbe | **CELLO:** Alexander Buzlov, Thomas Caroll, David Cohen, Peter Martens | **DOUBLE BASS:** Uxia Martinez Botana **FLUTE:** Demarre McGill | **OBOE:** Dwight Parry | **CLARINET:** Ferdinand Steinerr | **BASSOON:** Andrew Brady | **TRUMPET:** Billy Hunter | **FRENCH HORN:** Jeff Nelsen **TROMBONE:** Weston Sprott | **PERCUSSION:** Rob Knopper **PIANO:** Luis Magalhães, Nina Schumann, Pieter Grobler

Music students between the ages of 12 and 28 are invited to enrol for a packed daily programme of orchestral and chamber music coaching, public masterclasses and daily concerts. For further information, please visit www.sicmf.co.za.

ACTIVITIES INCLUDE

- 12 Student Ensemble Concerts
- 9 Public Master Classes
- 6 Invited Student Group Concerts
- 7 Faculty Concerts
- 4 Student Orchestral Concerts
- 8 *In conversation with* lectures/ interviews



## Opera

Die gerekende regisseur **Alan Swerdlow** het by vanjaar se Woordfees die reusetaak om in samewerking met Kaapstad Opera (CTO) en die Tinta Barocca-ensemble die musiek- en dramastudente van die US tot 'n naatlose geheel saam te bind in 'n verwerking van die Engelse komponis Henry Purcell se gewilde Barokopera *Die feëkoningin*. **Marina Griebenow** het met Alan gesels.

# Alan en die groter prentjie



**Blaine Josephs (Herfs) sing "See, see many coloured fields".** FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

Alan Swerdlow is 'n effens intimiderende man. Nie oor sy postuur of persoonlikheid nie, maar omdat hy so intelligent is en jy weet hy duld nie juis gekke nie – veral onvoorbereide joernaliste. My leeswerk vir ons onderhoud was dus só deeglik dat ek aanvanklik verkeerdelik by die Engelse digter Edmund Spencer se *Faerie Queen* geëindig het pleks van *A Midsummer Night's Dream* van Shakespeare.

Dis een van daardie dae in die Eikestad waar iemand die deure van die warmplek oopgelos het, maar in die Ou Konservatorium is 'n hele span sangers en akteurs en 'n tegniese span slaggereed vir hul repetisie van *The Fairy Queen,* oftewel *Die feëkoningin.* Ek tref dit gelukkig, want die oogmerk is om daardie middag dié sogenaamde semi-opera deur te speel ter wille van die beligtingsman, Kobus Rossouw, wat kom kyk het.

Ná 'n plesierige repetisie kry ons uiteindelik kans om te gaan stilsit waar Alan my meer kan vertel oor sy betrokkenheid by dié opera en hoe hy spefisiek die regie van 'n opera benader.

"Wat ek aan die begin doen, is om soveel keer as moontlik na die betrokke opera te luister. Jy móét die musiek baie goed ken. Terwyl jy luister, probeer jy die dele uitken waar daar heelwat emosie in die musiek teenwoordig is. Ek probeer met ander woorde vasstel in watter mate die musiek 'n emosionele skelet of buitelyn verskaf. So bepaal ek hoe ver ek kan gaan, en dis wanneer ek met my konsep vorendag kom," verduidelik hy.

"Jy moet natuurlik ook met die musiekregisseur of dirigent oor jou konsep praat. Hulle is verantwoordelik vir die vertolking van die musiek en jy moet bepaal waar dinge oorvleuel. In die geval van *Die feëkoningin* is ek aangesê dat die Tinta Barocca-ensemble onder leiding van Erik [Dippenaar] die kern van die orkes gaan uitmaak en dit was goed so, want ons wou die Barokklank hê. Interessant genoeg is dit juis die Barokoperas wat deesdae tot prikkelende vertolkings lei en ek stel al hoe meer belang daarin. Eintlik is ek gek na alles omtrent daardie tyd, behalwe die argitektuur."

Swerdlow vertel dat *Die feëkoningin* oorspronklik in 1692 gekomponeer is – toevallig ook die jaar waarin Spier, waar die opera opgevoer word, gevestig is –maar die manuskrip was twee eeue lank weg. "Eers aan die begin van die 20ste eeu is dit weer gevind en die opera weer opgevoer. *The Fairy Queen* bevat oorspronklik groot dele van die teks van Shakespeare se *A Midsummer Night's Dream.* Daar is met ander woorde lang gesproke dele wat afgewissel word deur vyf masques. Masques is musiekdele wat visueel baie uitspattig aangebied word, maar dit hou nie altyd spesifiek verband met die gesproke dele nie."

Hy meen dít het tot hul voordeel gestrek. "Toe ons die eerste keer vergader het, is ek gevra wat ek wil doen omtrent die libretto. Ek het toe gesê ek dink ons moet met iets nuuts vorendag kom en 'n nuwe jong skrywer nader. Ons het besluit op Wessel Pretorius. Ek het oor die jare al met baie skrywers gewerk, maar met Wessel was dit net 'n vreugde. Hy het alles terstond gesnap. Hy het erken hy het nog nie voorheen so iets gedoen nie, maar hy was bereid om te probeer. Uiteindelik het hy van die dialoog selfs in vyfvoetige jambiese metrum gedoen! Belangriker nog, hy het werklik die kern van die storie vasgevang."

Voordat Wessel die libretto kon skryf, moes Alan eers die konsep bepaal. "Die finale masque het 'n Chinese tema. Purcell het dit geskryf vir die koningspaar, want koningin Mary was gek oor alles wat Chinees was. Haar Chinese versameling word steeds uitgestal in die Victoria en Albert-museum in Londen. Baie porselein! Die laaste masque het my geïnteresseer, want dit bevat die ontknoping en finale kommentaar.

"Ek was op die punt om as inwonende regisseur *The Mandela Trilogy* na Dubai en Hongkong te neem, en moes vinnig met 'n konsep vorendag kom. Dis tóé dat ek op die gedagte kom dat die storie daarom kan draai dat die US aan die Chinese verkoop word sodat hulle 'n tegnologiese sentrum kan vestig. Natuurlik is die eerste departemente wat beïnvloed gaan word, die kunste. Die drama- en musiekdepartement besluit dan om saam te span om albei te probeer red. Met dié konsep kon ek steeds die storie van *A Midsummer Night's Dream* insluit. Gelukkig was almal te vinde daarvoor. Trouens, hulle was gek daaroor," onthou hy.

"Terwyl Wessel besig was, het ek met Erik gepraat oor die musiek. Ek wou weet of ons die musiek kan verweef deur die dialoog pleks daarvan om vyf afsonderlike masques te doen en hy't gesê dit is moontlik. Daar sit ek toe met die konsep van China en ek was vir die vierde keer op pad na Hongkong. Daar is 'n wonderlike museum in Sha Tin in die New Territories wat toegewy is aan Chinese opera, en daar kon ek breedvoerig navorsing gaan doen. Ek het teruggekom met boeke, foto's en allerhande dinge wat my kon help." En met behulp van Kaapstad Opera se ontwerpspan, onder leiding van die ongelooflike ontwerper Michael Mitchell, het *Die feëkoningin* met 'n Chinese inslag uiteindelik beslag gekry.

Jy kry die gedagte dat Alan eintlik niks anders as regie wil doen nie. Hy beaam dit.

"Het ek jou die storie van prof. Robert Mohr vertel?" vra hy.

"Toe ek by die Universiteit van Kaapstad gestudeer het, was die tradisie dat jy 'n sessie deurwerk met Mohr, die hoof van die departement, as jy graadvang. Dit was soos 'n opsomming van jou prestasies en vermoëns. Hy sou jou sterk punte noem en in watter rigting jy moontlik kan gaan. Trouens, hy't onder meer vir my gesê: 'So, jy't graad gevang? Nou gaan jy eers begin leer!'

"Drie weke nadat ek begin swot het, het Robert vir my gesê ek gaan 'n regisseur word. Ek het natuurlik geprotesteer, want ek was vasberade om 'n akteur te word. Hy't so nou en dan weer daarna verwys. Toe ek vir hom vra waarom hy so aanhou daaroor, het hy geantwoord: 'Want jy sien die groter prentjie; die totale prentjie. Akteurs, aan die ander kant, moet uiteraard 'n bietjie selfsugtig wees, bepaal waar hulle inpas en hulle daarop toespits.'

"Met my sessie het hy dit herhaal. Hy skryf toe iets op 'n stuk papier, sit dit in 'n koevert en seël dit met die opdrag dat ek dit moet oopmaak as ek besluit ek wil 'n regisseur word. Daardie dag het aangebreek. Ek het onthou van die koevert en dit gaan soek. Toe ek dit oopmaak, staan daarop geskryf: 'Jy is nou ongeveer 33.' En ek was 33! 'En jy sien steeds die groter prentjie. Liefde, Robert.'"

En daarop kan 'n mens net sê: Sela.



**Van Wyk Venter in die laaste bedryf van Die feëkoningin.**



**Anna du Plessis (Lente) maak haar verskyning.**

# Ambisieus, aweregs, absurd

**Die feëkoningin – The Fairy Queen. Klassieke musiek. Spier Amfiteater. Vandag om 20:30.**

Vir die puriste onder moderne opera- en teatergehore sal die konsep van 'n semi-opera ietwat volksvreemd wees. In dié soort 17de eeuse tydverdryf word sang, dans, spraak en instrumentale musiek vermeng, en dit was gemik op aanbieding aan 'n koninklike hof. Tóé was die Romantiese idee van die Geïnspireerde Kunstenaar wat Groot, Onaantasbare Kuns pleeg, nog ver in die toekoms, en die beginsel was dus eerder een van pastiche as die veel latere Wagneriaanse begrip van Gesamtkunstwerk.

Die groot Engelse komponis Henry Purcell se *The Fairy Queen* (1692) is geen uitsondering nie. Dit is gegrond op Shakespeare se *A Midsummernight's Dream*, en die danse en liedere is inderdaad bedoel om tussen die bedrywe van dié toneelstuk uitgevoer te word. Om akademies te raak moet *The Fairy Queen* dalk eerder gesien word as 'n masque, Frans van oorsprong, sonder die narratiewe aanslag van opera, en met die fokus op allegorie en metaforiese karakters.

Vir die Woordfeesproduksie van *Die feëkoningin* – Kaapstad Opera se eerste samewerking met die Universiteit Stellenbosch – het die regisseur Alan Swerdlow aan Wessel Pretorius opdrag gegee vir 'n nuwe teks; 'n aanbieding met *A Midsummernight's Dream* sou in elk geval te lank wees en beslis nie deug nie. Die resultaat is A-klas-Pretorius: ambisieus, aweregs en aangenaam absurd. Die teks is Afrikaans; die liedere bly Engels.

Die milieu word verplaas na die hede, met Chinese kulturele en finansiële imperialisme wat op Stellenbosch kop uitsteek. Die kunste en geesteswetenskappe aan die universiteit kom in die gedrang, en die departemente van drama en musiek word as oortollig gereken vir 'n tegnokratiese samelewing. Hulle besluit om kragte saam te snoer vir 'n produksie van *The Fairy Queen*, 'n poging om hul voortbestaan te regverdig en verseker. Pretorius se teks het eggo's van die bronteks, en hy bou voort op die idee van 'n toneelstuk binne 'n toneelstuk, met die ironiese kommentaar in Purcell se toevoegings wat nuwe betekenis kry. Wat die gehoor waarneem, is eintlik die repetisieproses. Soos in baie stukke wat die sluier lig oor wat agter die skerms aangaan, regeer die god Chaos, meegehelp deur Dionusus en Eros.

Die eensinuitspraak is dat die produksie lekker lawwe pret is. Dit is egter nie sonder probleme nie, en vir diegene wat 'n meer konserwatiewe aanslag verwag, sal die aanbieding 'n bitter tapsel wees om te sluk. Met die uitsondering van die orkes, en enkele sangers en akteurs, is daar slegs studente op die verhoog. Die gevaar is dus dat baie handelinge en lafheid as onverkwiklik studentikoos sal oorkom. Hoop op die teendeel beskaam hier plek-plek, maar dit is darem nie absoluut fataal nie.

'n Moeilike en belangrike aspek vir enige uitvoerende kunstenaar om te leer – sowel in musiek as in die toneelkuns – is goeie tydsberekening. Jou eie ervaring van tempo op die verhoog is subjektief en strook nie altyd met dié van die gehoor nie. Dit het soms gevoel asof die minder ervare akteurs se ongebreidelde energie in heen-en-weer-aksie en dialoog effens met hulle op loop gegaan het. Om te keer dat die komedie heeltemal in twyfelagtige verspotheid verval, moet sulke geesdrif getemper word. Swerdlow se regie het dus die beste gewerk wanneer daar baie verhoogaksie was.

In die rol van Barrymore was die gesoute akteur Petrus du Preez, die werklike hoof van die US se dramadepartement, juis 'n goeie voorbeeld van hoe om gematig, maar steeds komies, te speel. Daar was ook heerlik en goed berekende wedersydse spel tussen Maggie Gericke en David Viviers in die spraakrolle van Cadenza en Piscator, en Pascual Whitfield het as verteller 'n toonkrullend stoute en kamp Pretorius-karakter gekanaliseer. Dit was daarby opvallend hoe goed die diksie van die ervare akteurs vertoon het teenoor die res van die geselskap.

Vir sangers is tempo 'n dubbele swaard – nie net oorgelewer aan die speltempo nie, maar ook aan die musiektempo. 'n Mens moet dadelik noem dat die Spieramfiteater moontlik die mins geskikte ruimte denkbaar vir dié soort produksie is. Die verhoog is aansienlik breër as wat dit diep is, met die gevolg dat die orkes aan die een kant van die verhoog geplaas is. Volgens die beginsels van die histories-ingeligte uitvoerpraktyk vir Barokmusiek het Erik Dippenaar die musiek van agter die klawesimbel gelei. 'n Bedrewe kunstenaar soos Dippenaar kan tegelyk speel, aanduidings gee sonder veel handgebare én ook die sangers volg in kleiner besettings. Maar, amper verban uit die spelruimte en vir die sangers dikwels net sigbaar op 'n skerm agter die gehoor, was sy keuses beperk wanneer die musiektroepe die spreekwoordelike vlaktes in is. Dat daar hoegenaamd samespel en -sang was, is tot sy krediet.


Die klankversterking was 'n pyn. Hoewel noodsaaklik in die ruimte, was dit wat die sangers betref, onewe. Periode-instrumente, soos wat die Camerata Tinta Barocca gebruik, is meer temperamenteel as hul moderne eweknieë, maar produseer 'n besonderse en kenmerkende klankkleur. Die nuanses het egter meestal verlore gegaan wanneer die blikkerige versterking stief aan die klankpalet gefilter het.

Marina Pienaar het uitgestaan in die rol van die feëkoningin. Sy maak 'n ruim dog beheerste en soepel, klank – sou sy 'n aks groter gesing het, was dit dwars met die slanker Barokklankideaal – en het die versierings moeiteloos gehanteer. Oliver Druce as die Dronk Digter en Keaton Manwaring as Winter verdien ook vermelding vir hul gemaklike en komiese vertolkings.

Dieselfde kan ongelukkig nie vir van die ander solosangers gesê word nie: Dit was duidelik dat die spesifieke vereistes van Baroksang nog bo hul vuurmaakplek is. Dit is nie om enigiemand te ontmoedig nie; dit is om te sê dat hoewel dit berus op dieselfde gesonde stemproduksiebeginsels as ander klassieke genres, is die Barokstyl sy eie studierigting en iets wat nie sonder harde werk oornag in die stem kom lê nie. Die ensemblesang het oorwegend goed geklink, maar 'n mens moes wonder of die sangstudente nie meer opleiding in bewegingskuns kort nie.

Ten slotte moet 'n mens Swerdlow op sy visie komplimenteer; ook die uitspattigheid van Michael Mitchell se ontwerp en Maritha Visagie se kostuums. Diegene wat agiteer om 'n meer outentieke benadering moet onthou dat ons nie die kalender na 'n gehoor van 300 jaar gelede kan terugdraai nie. Net soos wat Shakespeare universeel genoeg is om sonder lang kouse aangebied te word, kan ou musiekskeppings soos *The Fairy Queen* suksesvol vernuwe word, sonder dat die essensie van 'n Barok-estetika verlore gaan. **– Willem Bester**





**LINKS: Kirsten Pienaar as Somer sing "Here's the Summer, Sprightly, Gay". REGS: Lusibalwethu Sesanti.**
FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

## Leefstyl

**"Dit is vir my belangrik dat julle hier is, want julle is ons dorp se geheue." Só het Saartjie Botha, feesdirekteur, Vrydag gesê by die oggendtee vir inwoners van Stellenbosch. Natalie Gabriëls het die foto's geneem.**



Nella en Andri Smidt was kleurryker as die kolwyntjies!



Elizabeth Sidlayi, Sarah Gcayiya en Priscilla Sephula van Kayamandi sit reg met tee en kolwyntjies voordat Louis Loock die gaste met sy sang vermaak het.



Regina Brown, Shirley van der Rhede en Trudy Botha.



Rosie Williams van Huis Ebenhaezer in Cloetesville.



Francisca Brink, Mercedes Brink, Louise Hommig en Desiree van der Merwe.





Kom luister, dink en gesels saam oor beleggingsbesluite en raak muntslim met ons Diskoers-gespreksreeks by die US Woordfees.

Bloekomhoek 13:00 -14:00

6 Maart 2018
Muntslim 101: *Geld se baas, nie geld se slaaf*

7 Maart 2018
Muntslim 201: *Voorsien vir die onvoorsiene*

8 Maart 2018
Muntslim 301: *Van bangbroek tot Buffett*

*Toegang is gratis.*
*Netwerk24-intekenaars kry 'n gratis glas wyn om tydens die gesprek te geniet.*

*www.netwerk24.com*

Die Burger Beeld Volksblad Rapport Huisgenoot Sarie
Kuier tuis Baba Landbou Weg! Ry&Sleep finweek

## Feeskunstenaar

Ontheemding is ’n gedeelde geskiedenis wat letsels op Suid-Afrikaners se geheue ingebrand het. Gedwonge verskuiwing is egter steeds ’n realiteit: brande, stedelike ontwikkeling, grondonteiening, oorloë en finansiële probleme dwing mense steeds uit hul huise. Die VN sê daar is vandag meer as 65 miljoen vlugtelinge ter wêreld. **Emma Willemse,** die feeskunstenaar by vanjaar se Woordfees, beeld gedwonge verskuiwing uit in 101 boeke wat sy oor vyf jaar gemaak het vir die uitstalling *Argiewe van verlies en verlange*. Sy het met **Marchelle van Zyl** gesels.

# Vloerblokkies help verlies verwerk



**How to Remember a Home (detail). Muurinstallasie, houtvloerblokkies uit ’n huis waarvan die kunstenaar ontheem is.** FOTO: VERSKAF

‘Mammie wou nie trek nie. Dit was soos die dood.” Dít was die woorde van ’n slagoffer van gedwonge verskuiwing aan Emma Willemse tydens Emma se navorsing oor ontheemding. In dié gevallestudie naby Carletonville is die familie vergoed en hulle kon ’n ander huis koop, maar die verlies aan ’n tuiste was steeds erg traumaties.

“ ’n Tuiste is anders as ’n huis. ’n Tuiste is waar jy behoort, dis ’n plek wat te doen het met geliefdes, met ’n gemeenskap, met herinneringe, met geheue, met identiteit. Dit word soos ’n simbool van jou identiteit. Ek praat van die gebou self – dit is alles waarvoor daardie geboue staan. Alles wat gebeur het in daardie huis. Die lang tafels van eet, gesels en lag, die plekke waar jy gehuil het. Dit het te doen met sekerheid, sekuriteit. Dis gelaai.

“Kan enigiets ooit vergoed vir daardie herinneringe wat in ’n huis opgebou is?”

Maar dit is nie net ander mense se traumatiese belewenis wat tot Emma gespreek het nie. Dit was haar eie ondervinding van uitsettings en haar poging om dit deur kuns te verwerk wat haar tot hier gelei het.

Emma se lang vingers vryf oor een van die 101 parketblokkieboeke wat sy vir haar uitstalling *Argiewe van verlies en verlange* gemaak het. Sy streel oor die merke waar die vloerblokkies uit ’n huis in Woodstock gestroop is, die groewe ’n brailleargief van daardie huis se stories.

“In die 1990’s is ek herhaaldelik ontheem van huise. Dit het ’n groot indruk op my gemaak. My kinders was baie klein, so dit was ’n baie moeilike tyd in my lewe. Dis eers lank nadat jy weer ’n tuiste het dat ’n mens eintlik die ding kan takel.”

Emma het te hore gekom dat die huis waarin sy gebly het, gesloop sou word.

“Ek het ingegaan net voor die huis gesloop sou word. Hulle breek mos al die goed af, ruk die vloere uit. En toe lê daar ’n klomp van die blokkies en ek het dit ingepak in sakke en gedink: Nou het ek darem iets tasbaars van die huis, maar ook miskien kan ek as ’n kunstenaar eendag iets maak met die goed.”

Tien jaar later het sy begin om die huis se verlies te verwerk, maar sy moes ’n alfabet vind om dit te verwoord.

“Dit gaan alles oor die verlies aan ’n tuiste. En natuurlik werk die parketblokkies so goed daarmee. Want dit het hierdie merkies op wat wys dat dit eens op ’n tyd geïnstalleer was.”

Sy het boeke begin maak en die blokkies gebruik as die omslag daarvan. Die blokkies dien as bewysstukke van ’n verlore tuiste. Elke boek is uniek, en elke parketboekie op sigself ’n multidimensionele storie, die trauma daarbinne in toegemaak.

“Om ’n huis te verloor is om ontwortel te word. Dit skeur mens en plek uitmekaar. Al wat oorbly is fragmente. Dit is hierdie oorblyfsels wat stories kan vertel en metafore word van die wond wat ontheemding in die psige laat,” verduidelik sy.

“Ek kon dit nie illustreer nie. Dit is net té eenvlakkig en eendimensioneel. Hoe beeld ’n mens verlies uit? Hoe beeld jy die afwesigheid van iets uit? Ek het ’n hele M.-tesis gedoen oor displacement en die psige. My slotsom was: Jy moet tyd hê om te treur oor die verlies aan ’n tuiste.”

En dit het dan die titel geword van die boekuitstalling: *101 Ways to Long for a Home.*

“[Die blokkies] raak ’n metafoor van: Hoe werk displacement in my psige? Hoe lyk dit?”

Sy sprei haar hande oop en wys na die boeke met die parketblokkie-omslae wat op die tafels om haar lê. Sy tel ’n boek op en maak dit oop en ’n ingenieurswerk van blokkies vou oop. Dit rittel en raas soos sy dit in- en uitkonsertina.

Maar hoekom juis 101 boeke?

“Dis daai getal van oneindigheid in die volksmond. Jy sou byvoorbeeld sê: ‘Ek het nog 101 goed wat ek vandag moet doen.’

“Mense kom na my toe en hulle vra: ‘Waarna kyk ons nou?’

“Die gewone mens op straat is eintlik nog oningelig dat boeke ook kunswerke kan wees. Waaroor gaan boeke? Dit gaan oor stories. Dit gaan oor kennis. Ek challenge die hele idee van ’n boek. Kan ’n boek só lyk?”

Sy tel ’n boek op. Die buiteblad is van die parketblokkies gemaak. Dit konsertina oop en onthul ’n bootvormige foto van ’n greep uit die video wat sy gemaak het toe sy terug is na haar huis.

“Kan ’n boek só lyk?”

Sy tel ’n ander een op, slaan dit oop en blokkies val soos domino’s oor en in mekaar.

“Ek het vir myself gesê: In plaas van die geskrewe taal gaan ek ’n visuele taal bymekaar maak.

“Wat gaan aan binne daardie boek? Ek sny die goed op. Ek dekonstrueer dit. Ek ruk dit uit. Fragmenteer.”

Sy maak ’n boek oop met ander kleiner boekies binne-in.

“Hoe wys ek verlies, want as jy met verlies werk, werk jy met absence. Ek werk met negatiewe spasies. En ek sny goed op en fragmenteer dit en ek sit dit weer bymekaar.”

Sy pak die kleiner boekies uit, maak dit oop, rol klein artifakte uit wat toegedraai is in gaas.

“Gaas het natuurlik hierdie konnotasie aan wonde, verwonding, poging om te genees, so baie van my werk het ook die geskeurde merke.”

Sy pak die boekies delikaat terug.

Kan ’n mens ooit oor so ’n trauma kom?

“Ek probeer nog. Maar dit raak elke dag beter. Ek voel dat ek bewustheid moet skep oor die wêreldwye krisis.”

In ’n land waar soveel mense ontheem is, wonder ’n mens wat dit aan die psige van ’n volk doen.

“Dit word ’n gemeenskaplike psige van verlies. En hoe werk ons met verlies? Wat is die terapie vir verlies? Ek gee nie antwoorde nie, want ek soek nog self na die antwoorde.”

Sy wys met uitgestrekte hande na die boeke op die tafel. “Kan julle sien ek soek die antwoorde?”

## Die uurglas

**Interaktiewe kunstenaarsvertoning: Tot 11 Maart om 09:30, 120 min., US-museum**

**Emma se boeke word op vier tafels uitgestal. Party boeke is oop, party is toe. Die kunstenaar draai die uurglas om en dit loop ’n uur deur. Sodra die uur verby is, maak sy alles toe, pak dit op en begin van vooraf die boeke op die tafels uitpak. Dit is ’n simboliese uitbeelding van herhaaldelike oppak.**

**In Emma se navorsing het die tydsaspek weer en weer na vore gekom. Sommige mense het ’n paar minute om iets uit ’n brandende huis te gryp. Sommige mense het drie maande om op te pak, party net drie dae. Wat kan jy saamneem, wat moet bly?**



**101 Ways-installasie (detail). Kunstenaarsboeke, houtvloerblokkies. Gemengde media.** FOTO: VERSKAF



**Emma Willemse**
FOTO: KATJA GENTRIC

**Uitstalling** Tot 11 Maart, 09:00 tot 18:00, US Museum

**Kunstenaarsrondleiding**
7 Maart 14:00

**Displaced**
Vollengte dokumentêre film oor Willemse se werk. Regisseur Victor van Aswegen.
HB Thom-seminaarkamer.
7 Maart om 17:00 en
9 Maart om 17:00

Nuus

# Nou moet élke landsburger veg

**Jacques Pauw: The President's Keepers. Skrywersfees. Kruiskerk. 3 Maart.**

Wat dink jy van Cyril Ramaphosa? Kan 'n mens hom vertrou?

Dit is die eerste vraag uit die gehoor aan Jacques Pauw, en sy antwoord is 'n deurdagte waarskuwing aan die pleitbesorgers van Ramaphoria, diegene wat so eufories hoog opgee oor die nuwe president wat uiteindelik van die Nkandla-ramp ontslae geraak het:

"Sy eerste paar stappe was indrukwekkend. Ek sal hom egter net vertrou so ver as wat ek enige politikus sal vertrou. Onthou, hy het Jacob Zuma aangeprys en al die pad langs hom gesit. Nou is die omstrede David Mabuza sy adjunkpresident. Die vraag is hoe hy die wetstoepassingsinstellings van hierdie land gaan regruk, en in watter mate hy diegene wat in die pad gesteek is, gaan terugbring," herinner hy sy massa toehoorders op die grondvlak en galerye van die groot studentekerk.

Moet op politieke prinse nie vertrou nie, is die subteks van sy tydige waarskuwing.

In die ietwat onwaarskynlike skadu van 'n preekstoel sit die inkennige volksheld. Hy bevind hom in die kerk, want die ander lokale was te klein. Die mense het vandag voor daardie kerkdeur tougestaan soos vir die Nagmaal van ouds.

Jy kan moeilik van die gedagte wegkom dat hulle hier is om hulde te betoon. Dit is 'n bedevaart van danksegging aan 'n joernalis wat nog altyd die kwasterige beste van die beroep verteenwoordig; 'n joernalis wat sy lewe lank stry teen onreg van allerlei regerings in die ou bedeling én die nuwe.

Aan die begin is die opmeweling nogal steurend. Elke sin waarin die aanbieder, die ondersoekende joernalis Pauli van Wyk, hom aanprys, word met dawerende applous begroet, en sy eie stellings ontlok selfs plek-plek uitroepe van "hoor-hoor!" uit die kerkbanke.

Aan die ander kant is dit nogal lekker om iemand wat so nastrewenswaardig, dapper en onkonvensioneel is, so aangeprys te sien.



**Jacques Pauw spreek die woord.** FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Nie dat dit vir hom maklik is nie, erken Pauw. Hy is 'n skaam mens, maar nou is hy 'n glanspersoonlikheid, en van die supermark tot die lughawe wil almal deesdae net selfoon-selfies met hom neem.

Verlede jaar was meer as een uit elke tien boeke wat in Suid-Afrika verkoop is, 'n eksemplaar van *The President's Keepers*. Pauw se boek het die nasionale diskoers soos 'n stormwind getref en die heersende elite help ontwortel.

Selde het 'n boek in Suid-Afrika al groter impak gemaak.

Dit het sy rustige lewe as restauranteienaar op die Swartlandse dorpie Riebeek-Kasteel totaal omvergegooi en in 'n afkaatsing van 'n goedkoop riller verander.

"In al my jare as verslaggewer in die apartheidstyd is geen klopjag op my uitgevoer nie – en nou vandeesweek se klopjag."

Maar, sê hy, hy is nie bekommerd nie. "Ek het die Grondwet aan my kant. En ook gewone Suid-Afrikaners."

Hy het geweet sy openbarings oor die duiselingwekkende korrupsie van die huidige heerserklas sou kon beteken hulle gaan hom probeer benadeel en onkant betrap. En toe hulle by sy restaurant op Riebeek-Kasteel instap, was sy personeel voorbereid op die gebeure, en hulle kon optree.

"Die personeel het dadelik twee van my skootrekenaars by die vensters uitgegooi, waarvan een op my buurman se komposhoop beland het. Dat die Valke se eenheid vir misdade teen die staat al die pad van Pretoria af kon kom vir hierdie klopjag, wys dat hoewel Ramaphosa skuiwe in sy kabinet kon maak, daar nog vele duistere hoeke in die organisasie van staatsmag oorbly.

"Dit is wat ons nou almal, elke Suid-Afrikaner, in gedagte moet hou. Ons moenie nou terugsit en ontspan net omdat Ramaphosa oorgeneem het nie. Elke landsburger moet 'n aktivis wees vir vryheid en geregtigheid."

**– Jan-Jan Joubert**





Wes-Kaap, Suid Afrika
t: +27 (0)21 918 4488
e: info@usb-ed.com

Gauteng, Suid Afrika
t: +27 (0)11 460 6980
e: info@usb-ed.com

KwaZulu-Natal, Suid Afrika
t: +27 (0)31 535 7117
e: info@usb-ed.com

Res van Afrika
t: +27 (0)11 460 6980
e: africa@usb-ed.com

USB Executive Development
University of Stellenbosch Business School
www.usb-ed.com

www.twitter.com/USB_ED
www.facebook.com/USBED
USB Executive Development
www.youtube.com/USBExecED


## Diefstal laat animasie nie vries

Die kunstenaar en animeerder Diek Grobler se Woordfeesuitstalling, *Vers tot film*, gaan voort ondanks die diefstal van 'n rekenaar wat deel was van die uitstalling.

Danie Marais, Woordfeeswoordvoerder, sê hulle vermoed die diefstal het net voor die opening van die uitstalling – tussen Donderdagmiddag 17:00 en Vrydagoggend 08:30 – plaasgevind terwyl die stadsaal toe was vir die publiek. Hy sê die Woordfeesbestuur spreek hulle spyt uit oor die voorval en die saak word ondersoek.

Die rekenaar wat gesteel is, sou deel van 'n animasiestasie gewees het. Grobler sê die uitstalling gee 'n kykie op die kreatiewe prosesse in die maak van die animasie vir Laurinda Hofmeyr se vertoning, *Afrique Mon Désir.* David Kramer is die regisseur van dié musiekproduksie en Schalk Joubert het die musiekregie behartig.



Terwyl dié musiekproduksie aan die gang is, word Grobler (regs) se animasiekuns vertoon – dit vul die musiek aan en gee nuwe betekenis.

"In die uitstalling sien die gehoor skilderye wat gebruik is om 'n film te maak, collages wat gemaak is van objekte wat ek in die animasie gebruik het, en dan ook werk wat gespruit het uit my betrokkenheid by die projek. Die laptop was deel van 'n animasiestasie waar besoekers self hul hand aan die kunsvorm kon waag."

Hy sê gelukkig word die inligting op die rekenaar ook elders geberg. "Die groot verlies is die uitstalling wat nou minus 'n animasiestasie is. Dit sou 'n prettige element tot die uitstalling voeg, want die publiek sou self kon speel en 'n idee kry van hoe animasie gedoen word. 'n Laptop is natuurlik ook geld werd, en dié een was spesifiek 'n animasiestasie in my ateljee. Dataverlies is dus nie so groot nie. Gelukkig is ek 'n kompulsiewe backupper, juis omdat ek met sulke groot dokumente werk en my werk so tydrowend is," het Grobler gesê.

Volgens Marais gaan die uitstalling voort in die Stadsaal en die publiek word aangemoedig om dit te ondersteun.

**– Marchelle van Zyl**

* Vers en film is deel van die Woordfees se visuelekunsteprogram. Daagliks tot 11 Maart. 09:00 tot 18:00. Stadsaal.

* Afrika, my verlange/ Afrique mon désir. 7 Maart om 20:30 en 11 Maart om 16:00. Stadsaal.

# Viva, ystervroue! (En lank lewe SA)

Toe die Woordfeesprogram verlede jaar saamgestel is, sou min van ons kon raai presies hoe ver die wiel sou draai teen die tyd dat die joernalis en gesprekleier Marianne Thamm op die eerste Vrydagoggend in Maart 2018 haar twee Vroue van Staal in die ATKV-boektent verwelkom: prof. Thuli Madonsela, voormalige openbare beskermer en deesdae regsdosent aan die US, en adv. Glynnis Breytenbach, pas vrygespreekte voormalige staatsaanklaer en DA-LP. Glynnis se memoires, *Rule of Law,* is op die rak en Thuli s'n is glo op pad.

Ons bevind ons midde-in 'n merkwaardige tyd in die geskiedenis, sê Marianne vir die lig geskakeerde gehoor, meestal met grys hare. Sy dra spesiale silwer tekkies vir die okkasie, en verwelkom die dapper stryders op die verhoog – warriors, soos sy hulle telkemale aanspreek. Sy verwys na die verwikkelinge waarin hulle 'n deurslaggewende rol gespeel het, en "steeds stry teen die ongelooflike sterk magte van staatskaping, korrupsie, algemene maglus en boosheid". Sy lei die gehoor sommer dadelik tot 'n entoesiastiese ronde applous, fluite ingesluit.

Die storie word by hul grootwordjare gaan haal, vir albei vroue min of meer dieselfde tyd. Albei moes hard baklei om geleerdheid te kry, weliswaar aan twee kante van apartheid. Thuli se ongeletterde pa in Soweto wou haar nie verder laat leer nie, hoewel haar ma ten gunste was van verdere studie – tot die plaaslike pastoor haar droom van 'n regsloopbaan byna laat ontspoor het, "want prokureurs is skelms".

Glynnis se pa in Kimberley wou 'n seun gehad het en was teleurgesteld toe sy gebore is. Haar ma sou 'n ballerina verkies, "maar toe kry sy vir my". Al wat sy wou doen, is perdry. Niemand was meer verbaas as sy self toe sy uiteindelik regte swot, klaarmaak en 'n loopbaan bou nie.

Marianne reken die land beleef 'n "inzile moment" ná die bewind van die exiles, en verduidelik die verskil tussen uitgewekenes en die tuisblyers soos Thuli wat die struggle intern voortgesit het.

Op haar rustige, poëtiese manier skets Thuli hoe sy in die 80's by jeugbewegings betrokke geraak het en later deel was van die samesprekings oor die stigting van Cosatu – waar sy met niemand anders nie as Cyril Ramaphosa onderhandel het.

Glynnis meen daar was baie korrupsie in die ou Suid-Afrika, net meer subtiel.

"Voor 1994 sou jy byvoorbeeld kry dat iemand R20 steel uit 'n tender van R100. Ná 1994 het dit met die verloop van tyd net erger geword, totdat ons 'n punt bereik het waar 'n paar mense álles gesteel het."

Babas kan nie boos gebore word nie, en mense wat korrup is, word nie grootgemaak om te dink steel is reg nie. Die proses is geleidelik en vorder dikwels van nood tot by gierigheid – "need to greed", stel Thuli dit kort en kragtig.

Uiteindelik begin mense die stelsel self gebruik teen diegene wat wel hul werk doen, soos Glynnis by die NVG – en werknemers raak bang om uit te praat. Met die besluit dat die nasionale direkteur van openbare vervolging 'n politieke aanstelling moet wees, het hulle geweet dit is net 'n kwessie van tyd voor daar probleme kom, sê Glynnis. Die ding wat haar die meeste pla en wat moet verander, is dat Justitia – of dan Lady Justice –in die justisiedae 'n blinddoek gedra het. Sy sien niks nie: nie kleur, herkoms, geslag of geloof nie. Die NVG se Lady Justice het nie meer 'n blinddoek nie; hulle het dit afgehaal, letterlik die simbool daarvan gestroop. "En toe weet ons hier kom kak."



**Glynnis en Thuli was ná die tyd gewild.**
FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Thuli verduidelik waar een van die wortels van die kwaad lê: dat mense met politieke bande gekies is om begunstigdes van SEB te wees. Die oud-OB vertel 'n grap oor korrupsie in Nigerië versus in die Ooste – daar maak die ryk politikus 10% as 'n pad gebou word; in Afrika kry die minister met sy eie paleis 100%; jy bou net 'n spookhospitaal wat nooit bestaan nie… Die grap dateer uit haar besoek aan Nigerië in 2010, en nooit in haar wildste drome sou sy kon dink dat iemand hier so gruwelik sal wees om alles te steel en niks vir die armes te los nie – en dan noem sy plaaslike voorbeelde wat die OB se kantoor oopgevlek het.

Sy bepleit 'n verandering in hoe staatsamptenare en politici aangestel word: Soek mense met die hoogste etiese waardes vóórdat hulle begin; ná die tyd is dit te laat om iemand 'n ampseed te laat aflê en te verwag hulle gaan dit eerbiedig. Lei mense beter op – en hou hulle aanspreeklik as hulle oortree.

Daar is applous toe Marianne Glynnis gelukwens dat die aanklagte teen haar laat vaar is – en die advokaat maak dadelik 'n regstelling: Dis nie laat vaar nie; sy is vrygespreek, " 'n groot verskil". Twee jaar en R10 miljoen later.

Marianne gun haarself 'n oomblik om bly te wees die Guptas is vlugtelinge voor die reg, maar Glynnis maan dit behoort ons te pla.

"Die rede is: Onder Zuma is niks gedoen nie. Die strafregstelsel het opgehou werk, want hy het daarvoor gesorg. Onder die nuwe president werk hulle skielik, want hy laat dit gebeur. Hulle is veronderstel om onafhanklik te wees. Hulle moenie op die giere van enigiemand reageer nie. Dis nou gaaf, want hulle vervolg mense wat jy wil hê vervolg moet word, maar môre is hulle op die spoor van mense wat jy nie wil hê nie, en wat doen jy dan? Hulle moet onafhanklik wees en nié onder 'n politikus se duim nie."

Thuli: "Ek dink die mense van Suid-Afrika het die demokrasie uitgekontrakteer aan die politici, die howe en die media. Dit moes eers regtig baie sleg gaan voordat mense wakker geskrik het. Dié slag moet ons nie wag tot dinge skeefloop nie. Selfs die mees welmenende leiers kan die geneigdheid hê om menslike foute te maak. Maar of hulle na die lig of donker gaan mik, sal afhang van die rol wat die mense speel. Gaan Ramaphosa die donker kant van die ANC vrees, of die ligte kant van die mense, die opposisie en die reg? Ons moet drie dinge doen: Bevorder integriteit in die staat en burgerlike samelewing; speel 'n rol om maatskaplike geregtigheid te bevorder; bou kapasiteit in die staat en bevorder die leierskap in openbare administrasie."

Glynnis betreur die paar vrot ministers wat die kabinetskommeling oorleef het, en sê Ramaphosa het soos 'n afgeblaaste sokkerbal gelyk toe hy die aankondiging maak. "Die parlement het ons gefaal. Die opposisie het 'n groot rol gespeel en die regstelsel was manjifiek – en is steeds." Sy prys die ondersoekende joernaliste van amaBhungane en Scorpio. "Gee vir hulle die Honoris Crux!"

Thuli groet met hierdie advies: "Ons moet nooit weer toelaat dat dinge só sleg raak dat ons voor die deur van 'n winter van wanhoop staan, soos verlede jaar, nie. Ons moet nooit weer toelaat dat politici ons verdeel en heers op grond van ras, geslag of klas om die aandag af te trek van hul wandade nie. As regsfakulteit nooi ons almal om hande te vat om geregtigheid te bevorder. Word die oë en ore van die staat – en dis nie die regerende party nie; die staat is breër. En dra vaardighede oor, van die kleuterskool tot heel bo."

"Solank Suid-Afrika die ongelykste land ter wêreld is, sal ons blootgestel wees, sal sulke dinge weer kan gebeur. Doen iets vir ander mense, gee 'n bietjie om baie te kry," pleit Glynnis ten slotte.

* Nota aan die organiseerders: As die gaste sulke swaargewigte is, sal dit nóg beter werk as die gesprekleier dalk bietjie minder preek en praat. 'n Mens strewe na iemand wat eerder luister as 'n geskiedenisles gee en die uur kortliks maar sekuur stuur – en die genooides se persoonlikhede en prestasies laat skyn eerder as haar eie stem en opinies. Dankie, by voorbaat. **– Susan Booyens**



## Toneel

# Vir 90 minute in die holte van sy hand

**Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran. Toneel. Hoërskool Luckhoff. Vandag om 15:00.**

Dawid Minnaar Onbeperk. Dít is hoe ’n mens onbeskaamd sy kragtoer kan beskryf in *Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran* (die Moslems se heilige boek).

Dit is ’n baie maklike, baie moeilike storie om te vertel. Die maklike deel is die versugting na aanvaarding, liefde, respek en seksuele ontwaking, maar ook die herkenbare elemente soos winkeldiefstal vir sowel oorlewing as bloot ’n manier om geld te spaar.

Die moeilike deel is om manalleen vir 90 minute lank met geen ander *props* nie as ’n stoel, baadjie, papierlanterns en jou lyf en stem ’n volgepakte, warm saal in die holte van jou hand te hou. Sodat in daardie dramatiese pouses in die spel jy ’n speld kan hoor val.

Minnaar vertel die storie naatloos en hoofsaaklik deur die oë van die wyse winkelier monsieur Ibrahim, Moses die jong seun en sy pa. Later kom sy ma ook by.

Sonder om te veel te verklap, maar vir konteks: Moses en die monsieur knoop ’n vriendskap aan ten spyte van ’n generasiekaping, en die feit dat hulle onderskeidelik Joods en Moslem is. Dit is die sestigerjare in die Joodse buurt van Parys, en die winkelier word die pa wat Moses nie het nie, al leef sy biologiese pa. Want sy pa, ’n regsgeleerde, het nie veel tyd vir die jong seun nadat sy vrou en ouer seun weggeloop het nie – dié seun in wie se skadu Momo, soos die monsieur hom begin noem, grootword.



**Dawid Minnaar as monsieur Ibrahim.**
FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Hy het pas tiener geword, het met sy eerste spaargeld ’n prostituut betaal om hom te help om “man te word”, en nou is hy breëbors maar ook kind. Toe die prostituut dus vra dat hy vir haar ’n geskenk bring, hardloop hy sy voetjies stomp huis toe en gryp die kosbaarste ding wat hy besit – sy teddiebeer. Dalk ook simbolies as sy laaste breuk met sy kindwees?

Ondanks die vriendskap wat blom, steel hy tog nog daagliks ’n blikkie kos uit die winkel. Later darem net elke tweede dag. Maar dit is eers toe die aktrise Brigitte Bardot die dag by die beknopte winkel instap dat ’n paar ongewone goed gebeur.

Vir een staan monsieur Ibrahim vir die eerste keer dat Momo daar kom, van sy stoel af op en loop na die deur. Hy loop selfs na die yskas om vir haar ’n bottel water te gaan haal! Dit is oor die 40 frank wat hy vra vir die water, iets wat Momo se oë laat rek, want eintlik kos dit maar so 2 frank.

“Dit is ’n bekende persoon, en die res is om te betaal vir al die blikkies kos wat jy steel,” merk die monsieur op. Maar, sê hy, moenie op ’n ander plek gaan steel nie; doen dit eerder hier.

Daar is ’n paar wendings, maar in sy stilheid deel die monsieur sy wyshede met Momo, maar nooit op ’n prekerige manier nie. Dit vloei maklik, is nooit steurend of stroperig nie. ’n Mens wil eintlik alles net daar en dan neerskryf sodat jy dit nie vergeet nie.

Op ’n kol sê hy vir die jong seun ’n stadiger pas is die sleutel tot geluk, dat hy moet leer om te glimlag. Die raad werk, net nie met sy pa nie, maar die les bly sit.

Hy leer monsieur Ibrahim wil nie ’n Arabier genoem word nie.

“Maar hoekom noem hulle jou dan so?” wil hy op ’n dag verontwaardig weet.

“Arabier beteken oop van agtuur tot middernag, selfs op Sondae,” sê die monsieur.

Op ’n latere rit per motor na monsieur Ibrahim se geboorteplek tel hy ander wyshede op. Daar is ’n pragtige vertelling van Momo, steeds minderjarig maar agter die stuur van ’n splinternuwe motor.


“Ek kon nie self kyk nie, want ek het te hard gekonsentreer agter die stuurwiel, maar ek het alles gesien deur monsieur Ibrahim se woorde.”


Die toneelstuk is nie net ernstig nie, maar die humor is só subtiel vervleg dit tref jou so twee sinne later – wat dit laat voel soos iemand wat een baie laat aand ’n vergete sjokolade in die kas ontdek het, of geld in ’n ou broeksak.

Minnaar se vermoë om deur die karakters te vleg met dialoog en lyftaal verdien eervolle vermelding, en is ’n getuigskrif van ’n akteur wat sy talent aanhou slyp.

Daarmee saam is die klank en beligting presies – onontbeerlik om só ’n produksie te laat slaag.

In die gelyknamige Franse fliek, *Monsieur Ibrahim (et les Fleurs du Coran),* waar die ewe formidabele Omar Sharif die rol van monsieur Ibrahim vertolk, is die ander karakters ten minste self daar – hier is alles in die hande van een akteur. **– Jo-Ann Floris**



ink

Uitgewer
**Hannelie Cronjé**

Redakteur
**Jacolette Kloppers**
(jacoletteklopppers@gmail.com)

Assistentredakteur
en hooffotograaf
**Nardus Engelbrecht**

Uitleg en produksie
**Johnn-Grant Munro**

Teksredakteurs
**Susan Booyens**
**Peter van Noord**

Fotograaf
**Natalie Gabriels**

Skrywers
**Willem Bester**
**Jo-Ann Floris**
**Marina Griebenow**
**Jan-Jan Joubert**
**Herman Lategan**
**Wayne Muller**
**Jo Prins**
**Marchelle van Zyl**

Produksie-assistent
**Marietjie Booyens**

Met dank aan **Jan en Pippa Louw** en Humarga vir tegniese dienste, toerusting en infrastruktuur.

US WOORDFEES

**Woordfees-kantoor**
**Adres** Erfurthuis, Ryneveldstraat 37, Stellenbosch.
**Navrae** Bel die feeskantoor by 021 886 5036 of besoek www.woordfees.co.za.
**Aanlyn** Besoek die Woordfees se Facebookblad by https://www.facebook.com/woordfees/

**Adverteer NOU in**
**ink**
**Bel 083 303 6117**

litnet

**LEES LANDWYD SAAM**
**'n Elektroniese weergawe van INK is elke dag ná 15:00 beskikbaar op Litnet – http://www.litnet.co.za/**

# Gin vir almal… toe raak die tande nat!

**ClemenGold-ginproe. Leefstyl. 2 Maart. Die Khaya.**

ʼn Mens kon presies bepaal op watter oomblik die ClemenGold-ginproe handuit geruk het. Dit was toe die aanbieder, Kobus Joubert sê: "Hier is nog baie gin vir almal." Selde was daar al so ʼn spanningsontladende motoriese moment in ʼn produksie. Want op daardie oomblik het die mense geweet – soos ons in die Kaap sê – hulle tande kan maar nat raak.

Tot in daardie stadium was dit maar ʼn ietwat bedroë groep wat die studentekerk se anneks volgepak het. Daar was min jenewer in die glase, met so ʼn bietjie tonikumwater daarby.


Veral toe ons aangesê word om die gin so skoon met sulke klein teugies te proe-proe kon ek nie anders nie as om te dink aan my tannie Suzette se ou waarskuwing dat enigeen wat gin skoon (of met water) drink, onteensgeklik op pad is na alkoholisme.

Maar ná die aankondiging oor die oorvloed, toe begin dinge lekker gaan. Vertellings oor die jenewerbessie (of juniper berry), die rol van die weersinwekkende Engelse kolonialiste om met hul gin and tonics darem iets goeds hier na ons land te bring, en hoe die Filippyne meer as die helfte van die wêreld se gin opdrink (gesondheid!) het die gesprek geolie en die voggies laat loop.

Ons is ginologists, want ons weet nou baie van gin, het die voordrinker en aanbieder – ek dink haar naam was Charlene (gesondheid!) – ons vertel. Ons weet nou ook hoe die plante waarmee die gin hier in die ontluikende Kaapse ginbedryf gegeur word, bo die ketels hang sodat die stoomdruppels kan kondenseer en weer opgevang kan word – druppel vir kosbare druppel, net vir ons drinkgenot (gesondheid!).

Namate die aand aangegaan het, het ʼn ou genaamd Abraham in ʼn oranje hemp vir ons almal geleer dat ʼn mens glo ʼn sitrusvrug ten beste van die bokant af skil – die stingelkant (gesondheid!). Of so iets, maar ek kan nie onthou presies hoekom nie.

Want teen daardie tyd moes Charlene en Kobus nogal hard praat om bo die gedruis gehoor te word. Gin, ons redding teen malaria (gesondheid!) is mos ʼn gelukkige drankie. Luidrugtig, ook. **– Jan-Jan Joubert**



## Toneel

Die veelbekroonde regisseur **Sylvaine Strike** gesels met **Marina Griebenow** oor Curse of the Starving Class deur die Amerikaanse dramaturg en akteur Sam Shepard, wat op 27 Julie 2017 in die ouderdom van 73 oorlede is.

# Sylvaine se donker kant



**Inge Crafford-Lazarus en Leila Henriques in Curse of the Starving Class.** FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Dit is 'n reënerige oggend in Johannesburg, drie weke voor die aanvang van die US Woordfees. In die Westdene-gemeenskapsaal repeteer die geselskap van *Curse of the Starving Class*, die eerste in 'n trilogie van familiedramas deur Sam Shepard, nou al 'n week en 'n half onder die ferm hand en fyn oog van Sylvaine Strike.

Ek maak my stilweg tuis by die tafel waarop die koffiebekers staan. Op die vloer voor in die saal is 'n klein pentagoonvormige rostrum wat blou en roomkleurig geverf is – Sylvaine se verhoog. Bo-op pryk 'n melamientafel en bypassende stoele uit die jare sewentig en 'n reusagtige blou yskas in dieselfde styl. 'n Mens wonder of sy dié voorliefde vir afgebakende ruimtes ontwikkel het terwyl sy haar opleiding by die Internasionale Skool vir Mimiek en Beweging in Parys ontvang het.

"Ek gebruik altyd 'n beperkte ruimte," verduidelik sy. "Om die speelruimte só uit te merk, was vir my nog altyd belangrik. Dit is noodsaaklik dat die akteurs tuis voel die oomblik as hulle op die verhoog stap. Dit dui die grense aan waarbinne hulle só veilig kan voel dat hulle maar kan ineenstort. Hier speel ons in die HB Thom-ouditorium. Ons beligtingsman, Mannie Manim, het gaan kyk. Hy sê die stel gaan baie klein lyk in daardie reusagtige kasarm, maar dis presies wat ek wil hê."

'n Mens onthou dadelik die treffende stel van 2 x 1,5 m in haar 2005-drama *The Travellers* waarop drie akteurs vir langer as 'n uur gemaklik gespeel het.

### Tyd vir iets anders

Sylvaine is onlangs benoem vir 'n Fleur du Cap-prys as beste regisseur vir *Tartuffe*. Sy is landwyd bekend om haar voorliefde vir Franse toneelstukke of werke met 'n Franse inslag. Shepard is dus baie ver verwyder van wat sy gewoonlik doen. Waarom?

"Die produksies wat Fortune Cookie [haar produksiemaatskappy] doen, en ook my eie werk – én hoe mense aan ons dink – gaan op sy kop gekeer word. Ek daag myself uit en probeer revalueer wat ek doen. Ek dink die donker kant gaan dié slag die oorhand hê. Die werk wat ek self skep, bevat altyd 'n element van hoop, maar dalk is dit nou tyd vir iets anders."

"Toe Saartjie [Botha] vir my vra wat ek nog altyd gedroom het om te doen, het ek sonder huiwering Shepard gekies, en spesifiek *Curse of the Starving Class* omdat dit steeds soveel sê. My voorliefde vir Shepard kom van my studentejare aan die Universiteit van Kaapstad. In die jare negentig kon 'n mens nie wegkom van sy invloed nie. Hy was terselfdertyd universeel dog ongebreideld Amerikaans. Met sy anargie en digterlikheid het hy 'n styl ingebring wat ons as studente noodwendig moes bestudeer, en dan was daar natuurlik die wonderlike wêreld wat oopgegaan het as jy in sy persoonlike lewe begin delf. Dit is veral ter sprake in sy drie gesinsdramas, *True West, Curse of the Starving Class* en *Buried Child*."

Sylvaine verduidelik sy én Saartjie het saamgestem dit is nie nodig om die stuk aan te pas vir Suid-Afrika nie. Die stuk is outentiek Amerikaans en vir albei 'n gepaste huldeblyk aan Shepard. Saartjie het vroeër *Buried Child* vertaal as *Doodsnikke*, en dit is in 2012 opgevoer onder spelleiding van Janice Honeyman – ook by verskeie van die Afrikaanse kunstefeeste. Sylvaine meen *Curse of the Starving Class* sal beslis by plaaslike gehore aanklank vind.

"Een van die redes waarom ons teater toe gaan, is om ons eie parallelle in 'n produksie te vind. Ons bevind ons egter tans in 'n groef waar ons alles wil verduidelik en uiteensit. Shepard was só gekant daarteen. Hy skep ongelooflike dinge waaraan die akteurs kan vashou as hy oor sy werk praat. Hy maan dat hulle nie in die sielkunde van die karakters moet ingaan nie; hulle moet bloot fragmente van die karakters wees – lote. En juis daarom is dit só 'n ongelooflike groot voorreg om die stuk te kan doen presies soos Shepard dit geskryf het."

*Curse of the Starving Class* handel oor die wanfunksionele Tate-gesin. Hulle is in 'n geldelike verknorsing en staan op die punt om hul huis te verloor, maar die aankoms van 'n prokureur lyk na 'n uitkoms. Die mense om hulle is egter soos aasvoëls wat sal vat van diegene wat niks het nie, en die uitsigloosheid van hul lewe neem toe.

### Soos 'n dirigent

Dit reën steeds. Op die verhoog is Roberto Pombo (Wesley Tate) en Inge Crafford-Lazarus (Emma Tate) aan't repeteer aan die tweede bedryf. Hulle is al taamlik woordvas en Sylvaine laat hulle begaan met net hier en daar 'n opmerking om betekenis te verdiep of 'n gebaar te verander of vas te lê. Die konsentrasie in haar liggaamstaal

> "
> **Ek daag myself uit en probeer revalueer wat ek doen.**



**Sylvaine Strike**
FOTO: ANTONIA STEYN

is sigbaar. Sodra hulle dit deurgewerk het, besef jy sy benader inderdaad die stuk soos 'n dirigent.

Dan word die akteurs gevra om die bewegings wat hulle pas vasgelê het, weer deur te gaan, maar dié slag sonder dialoog en op die maat van musiek. Sylvaine se musiekkeuse is die Kanadese bluegrass-groep The Dead South, en dis 'n openbaring om te sien hoe die polsslag van dié musiek hul vertolking beïnvloed.

Sylvaine laat ook haar akteurs op spesifieke betekenisvolle oomblikke "vries". "Ek werk tans met heelwat vriesoomblikke en ek is mal daaroor," sê sy.

"Dit is soos om stilfoto's te neem: As jy 'n oomblik in tyd vries, gaan dit oor die voyeur. As gehoorlid word jou belangstelling geprikkel as jy só 'n nabye blik op die lewe van 'n gesinslid kry. Die beelde waarmee ek hier werk, is sterk beïnvloed deur die skilderye van Edward Hopper en hoe hy lig gebruik het.

"Ook Gregory Crewdson se foto's fassineer my. Sy foto's is byna hiperrealisties, maar dit lyk soos 'n skildery, want die stilte is so oorverdowend. Ek probeer dié oomblikke vasvang om die aandag daarop te vestig. Shepard se werk is in baie opsigte surrealisties. In *Curse of the Starving Class* is die surrealistiese aspekte soos 'n vergrootglas op die huis. Trouens, dit word tot so 'n mate vergroot dat jy behoorlik sien hoe die termiete die vloerplanke vreet."

### 'n Sin vir komedie

Ondanks die hoogs dramatiese inhoud van *Curse of the Starving Class* span Sylvaine akteurs met sterk komiese vaardighede in, onder wie Rob van Vuuren (Ellis), Pombo, Anthony Coleman (Taylor), Damon Berry (Sergeant Malcolm) en selfs Neil McCarthy (Weston Tate). Leila Henriques vertolk die rol van Ella Tate, die ma. 'n Toneelstuk oor so 'n uiters wanfunksionele familie en die uitsigloosheid van hul lewens kan tog sekerlik nie komies wees nie?

"*Curse of the Starving Class* is vreeslik snaaks. Dit begin in die tweede bedryf en hou nie op nie. As jy kyk na Quentin Tarantino en diegene wat direk deur Shepard beïnvloed is, bespeur jy 'n oordaad wat verder gaan as blote naturalisme. Die karakters is só enorm en só dapper dat jy nie gaan wegkom met akteurs wat nie 'n sin vir komedie het nie.

"Soos altyd werk ek breedvoerig met die liggaam en wat dit buiten die woorde sê. As jy Shepard net gewoonweg lees, val iets uitmekaar en dus moet jy akteurs in die rolle plaas wat by die waarheid kan uitkom, maar wat op 'n groter vlak kan resoneer en lojaal bly aan die oordaad."

Sy beklemtoon dat Shepard altyd 'n balans handhaaf met sy karakters.

"Selfs 'n karakter so afstootlik soos Weston het oomblikke van helderheid wat hoogs pynlik is. Hierdie karakters is dié wat die naaste aan sy eie lewe lê. Sy pa was 'n vlieënier in die Tweede Wêreldoorlog en het totaal verander tuis gekom ná die oorlog. Hulle het nooit daaroor gepraat of dit probeer verstaan nie. Shepard het gewoon in 'n omgewing van 'patologiese traak-my-nie-agtigheid', want al die mans om hom het sielkundige skade gehad.

"Ons het dit ook hier. Ons het mans van in die vyftig wat in Angola was. Hulle weet nie hoe om dinge reg te stel nie. Hulle was iéts weens 'n regering wat hulle toegelaat het om iets te wees, en nou is hulle niks nie. Soos Shepard se karakters voel hulle ongelooflik vasgekeer weens die situasie waarin hulle hul bevind en hul omstandighede."

*Curse of the Starving Class* het op 2 Maart by die US Woordfees geopen, toevallig presies 40 jaar nadat dit op 2 Maart 1978 die eerste keer in Amerika opgevoer is by die New Yorkse Shakespeare-fees.

"Die temas oor Amerika en wat van daardie land geword het, kan nie misgekyk word nie. Dis Shepard se profesie. Dan noem 'n mens nie eens hoe toepaslik dit vir ons is nie, veral as dit kom by grond- en eiendomskwessies."

Sylvaine Strike het weggebreek uit haar gemaksone, maar haar lang verbintenis met, kennis van en verknogtheid aan Shepard se werk laat jou gerus. Verder weet jy ook haar uitsonderlike talent, aandag aan detail en ervaring sal sorg vir 'n magiese ervaring.



**Neil McCarthy in die rol van Weston Tate – hier in 'n toneel met die lammer wat soveel moleste gemaak het op die verhoog.** FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

# 'Curse' verg nadenke van kyker

**Curse of the Starving Class. Drama. HB Thom-ouditorium. Vandag om 20:00 en môre om 10:00.**

'See, I always figured on the future. I banked on it. I was banking on it getting better. I figured that's why everyone wants you to buy things. Buy refrigerators. Buy cars, house, lots, invest. They wouldn't be so generous if they didn't figure you had it comin' in. At some point it had to be comin' in."

Só verdedig Weston Tate (Neil McCarthy), 'n ongerehabiliteerde alkoholis en vrotsige pa, sy swak finansiële beplanning en onvermoë om vir sy gesin te sorg in *Curse of the Starving Class,* die eerste van die dramaturg Sam Shepard se trilogie van familiedramas.

Shepard se ontleding van die Amerikaanse ekonomie by monde van sy hoofkarakter is ontstellend profeties, veral as 'n mens in ag neem die drama het 40 jaar gelede al die lig gesien. Ironies genoeg is dit vandag in die Trump-era selfs meer relevant en jy moet stokblind wees om nie soortgelyke foutlyne in ons eie mense se houding teenoor die ekonomie te herken nie. Gevolglik is daar dan die vloek van armoede, materieel en geestelik, wat van geslag tot geslag net al hoe wyer uitkring, die sogenaamde "curse of the starving class".

"The whole thing's geared to invisible money," gaan Weston voort. "You never hear the sound of change anymore. It's all plastic shuffling back and forth. It's all in everybody's heads. So I figured, if that's the case, why not take advantage of it? Why not go into debt for a few grand, if all it is is numbers? If it's all an idea and nothing's really there, why not take advantage?"

Die regisseur, Sylvaine Strike, besluit (wyslik na my mening) om nie *Curse of the Starving Class* te verplaas na 'n Suid-Afrikaanse konteks nie. Sy skryf haar besluit daaraan toe dat Shepard, hoewel tot in sy murg Amerikaans, in elk geval 'n besondere vermoë het om die universele in alledaagshede te verweef. Dis reeds duidelik uit bogenoemde aanhalings.

Dié Shepard-drama met sy onverwagte komiese elemente en eg Amerikaanse karakter is eintlik so reg in Strike se kraal, hoewel 'n mens haar meer geredelik vereenselwig met werk wat 'n Franse invloed toon. Haar mees onlangse projek was *Tartuffe* van die Franse dramaturg Moliére waarvoor sy 'n Fleur du Cap-benoeming as beste regisseur ontvang het. Hier kry sy egter die geleentheid om haar meer grinterige kant te ontgin en bloot te lê.

Haar kenmerkende puntenerigheid en noukeurigheid bly nie agterweë nie. Vir *Curse of the Starving Class* kies sy 'n sterk en veelsydige geselskap. Die meeste van hierdie akteurs is egter ook bekend as uitstekende eksponente van fisieke teater om uiting te kan gee aan haar insluiting van stilistiese elemente in haar toneelveranderings. Strike wen die boerpot met haar keuse van Leila Henriques as die matriarg, Ella, en natuurlik met McCarthy as Weston. Henriques handhaaf die perfekte balans op die spankoord as die ma wat van haar saai lewe na Europa met sy "hoë kuns" wil ontvlug, die vrou wat met 'n slenter oortuig word om haar huis te verpand en die vrou wat haar eie behoeftes bo dié van haar kinders stel.

McCarthy is nie net groot in statuur nie, maar hy het ook 'n sonore en luide stem wat hy baie doeltreffend inspan. In Weston sal jy hard moet soek na daardie aantreklike jong akteur wat so twee dekades gelede soveel harte gebreek het. Wanneer die lig vlugtig deurbreek vir Weston in die laaste toneel, voel jy 'n bietjie empatie. Dit is egter van korte duur en die bombasme van die alkoholis met die gevolglike vervreemding neem weer oor. Dit is goed om McCarthy weer op die verhoog te beleef.

Roberto Pombo en Inge Crafford-Lazarus, twee opwindende jong akteurs, vertolk onderskeidelik die rolle van Wesley en Emma, die Tate-kinders.

Pombo was onlangs te sien in Kidcasino waar hy die oog getref het as 'n talentvolle jong speler wat veral uitstekend vaar in karakterrolle. Hy is ook 'n dapper akteur, soos blyk uit die toneel waar hy met 'n lewendige lam in die arms poedelkaal oor die verhoog moet stap. Terloops, die toneel is heeltemal in konteks en gevolglik was daar g'n bohaai daaroor nie.

Crafford-Lazarus het 'n moeilike taak met haar rol as 'n 15-jarige wat pas haar eerste maandstonde gekry het; dít terwyl haar ma dit goeddink om almal daarvan te vertel. Ook sy, onder Strike se bekwame leiding, plaas haar voete veilig op die goue middeweg tussen histerie, relatief intelligente onderhandeling en morrende tiener.

Laastens is daar die onheilige drietal: Anthony Coleman as die smeerlap-prokureur Taylor wie se grillerige gewoontetjies sterk herinner aan Trump. Damon Berry, op sy beurt, staan die skoene van Sergeant Malcolm baie goed vol. Rob van Vuuren as die kroegeienaar Ellis is soos 'n strokieskarakter. Hy is byna Tarantino-agtig in sy oordaad, maar soos Strike verduidelik, het sy doelbewus akteurs gekies wat binne dié mate van oordaad die gehoor kan help om by die waarheid uit te kom. Dít doen Van Vuuren wel.

'n Strike-toneelstuk is nie volledig sonder 'n puik kreatiewe span agter die skerms nie. Sy het al dikwels gewerk saam met Chen Nakar en Andrea van der Kuil wat verantwoordelik was vir die stel, waaronder die hok wat ongeveer twee tonele lank 'n lewendige lammertjie moet huisves. Van der Kuil het Strike bygestaan met die kostuumontwerp en ook daar sien ons Strike se aandag aan die fynste besonderhede.

Van die lam gepraat: Met die opvoering wat ek bygewoon het, het klein Lola die eerste keer sedert die speelvak begin het, drie keer uit die hok geklim en op die verhoog geval, tot almal se ontsteltenis, natuurlik. Dít nadat daar met groot moeite verslag op verslag ingedien is by die DBV om hulle die versekering te gee die lam word goed behandel. Die akteurs het dié ontwrigting goed hanteer en daar was geen onderbreking nie. Nakar en Van der Kuil het dus oornag 'n plan beraam met 'n hoër hok, en hopelik sal daar nie weer so 'n ontsnappingspoging wees nie. Dit het 'n mens natuurlik nie verbygegaan dat dit 'n toneelstuk van Shepard is nie!

'n Mens kan nie nalaat om Mannie Manim se beligtingsontwerp te noem nie. Strike kan nie uitgepraat raak oor hom nie. Sy meen Manim het grootliks daartoe bygedra dat die gehoor 'n surrealistiese en hartverskeurende ervaring sal hê wanneer hulle dié toneelstuk sien, en 'n mens moet met haar saamstem.

*Curse of the Starving Class* is nie sommer hierjy-teater nie. Dit verg van jou om jou behoorlik in te leef in wat voor jou afspeel, maar eweneens moet jy daaroor gaan nadink. Daar is natuurlik ook heelwat lesse te leer. Gelukkig maak Strike en haar span dit vir jou toeganklik en boonop vermaaklik. As 'n Shepard-aanhanger is 'n mens diep dankbaar dat jy so 'n opwindende produksie van een van sy toneelstukke kon beleef.

**– Marina Griebenow**


DStv Premium
Interessante tye
dringende vrae
PRONTUIT
KN IN GESPREK
PRONTUIT | 5 MAART
21.30
VERSLAG IN GESPREK | 7 MAART
21.30
kykNET.tv #prontuit #kykNETverslagingesprek
kykNET
KANAAL144